



NORTH-WEST UNIVERSITY®  
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA  
NOORDWES-UNIVERSITEIT

POTCHEFSTROOMKAMPUS  
OPVOEDINGSWETENSKAPPE



NAGRAADSE PROGRAMME

# **JAARBOEK 2016**

FAKULTEIT  
OPVOEDINGSWETENSKAPPE  
HONNEURS EN NAGRAADSE

PROGRAMME

BEdHons, MEd & PhD

**Potchefstroomkampus**

Rig alle korrespondensie aan:

Die Registrateur  
Noordwes-Universiteit  
Potchefstroomkampus  
Privaatsak X6001  
Potchefstroom  
2520

Tel: 018 299 1111/2222

Faks: 018 299 2799


Webwerf: <http://www.nwu.ac.za>

**U STUDENTENOMMER MOET ASSEBLIEF IN ALLE KORRESPONDENSIE  
VERMELD WORD.**

Die Algemene Akademiese Reëls van die Universiteit, waaraan alle studente hulle moet onderwerp en wat op al die kwalifikasies wat die Universiteit aanbied, van toepassing is, verskyn in 'n afsonderlike bundel op die web:

[http://www.nwu.ac.za/export/sites/default/nwu/gov\\_man/policy/7P-Academic\\_Rules\\_a.pdf](http://www.nwu.ac.za/export/sites/default/nwu/gov_man/policy/7P-Academic_Rules_a.pdf).

**Let wel:** Ofskoon die inligting wat in hierdie Jaarboek opgeneem is so noukeurig moontlik saamgestel is, aanvaar die Raad en die Senaat van die Universiteit hoegenaamd geen aanspreeklikheid vir onjuisthede wat hierin mag voorkom nie. In die besonder bly dit elke student se verantwoordelikheid om hom/haar deeglik te vergewis van die klasrooster en moontlike roosterbotsings voordat hy/sy finaal oor die keuse van modules besluit. Indien daar 'n botsing by 'n student se voorgenome keuse voorkom, is die betrokke kombinasie van modules ontoelaatbaar.



## **Inhoudsopgawe**

Ampsdraers.....	iv
OP.1 FAKULTEITSREËLS.....	1
<b>OP.1.1 GESAG VAN DIE ALGEMENE AKADEMIESE REËLS.....</b>	<b>1</b>
<b>OP.1.2 FAKULTEITSPESIFIEKE REËLS EN REGULASIES .....</b>	<b>1</b>
OP.1.2.1 Toelatingsvereistes .....	2
<b>OP.1.3 REGISTRASIE.....</b>	<b>3</b>
OP.1.3.1 Jaarlikse Registrasie .....	3
OP.1.3.2 Registrasie vir bykomende modules.....	3
OP.1.3.3 Vrystelling van registrasie.....	3
OP.1.3.4 Wysiging of kansellasie van registrasie.....	3
<b>OP.1.4 EKSAMEN .....</b>	<b>4</b>
OP.1.4.1 Eksaminators en moderators.....	4
OP.1.4.2 Vereistes vir eksamentoelating .....	4
OP.1.4.3 Slaagvereistes .....	5
OP.1.4.4 Aantal eksamengeleenthede .....	6
OP.1.4.5 Verlenging van studietydperk.....	7
OP.1.4.6 Onbevredigende akademiese prestasie .....	8
<b>OP.1.5 VERWERWING VAN DIE GRAAD.....</b>	<b>8</b>
OP.1.5.1 Voldoening van die vereistes .....	8
OP.1.5.2 Kwalifikasie met onderskeiding .....	9
OP.1.5.3 Samestelling van die deelnamepunt.....	9
<b>OP.1.6 WAARSKUWING TEEN PLAGIAAT.....</b>	<b>9</b>
<b>OP.1.7 KAPASITEITSBEPALINGS .....</b>	<b>9</b>
<b>OP.1.8 ERKENNING VAN VORIGE LEER.....</b>	<b>10</b>

<b>OP.1.9</b>	<b>TOLKING IN DIE FAKULTEIT (BEDHONS) .....</b>	<b>10</b>
<b>OP.1.10</b>	<b>SKOLE IN DIE FAKULTEIT.....</b>	<b>11</b>
<b>OP.1.11</b>	<b>KWALIFIKASIES, PROGRAMME EN KURRIKULUMS .....</b>	<b>13</b>
<b>OP.1.12</b>	<b>REËLS VIR DIE GRAAD HONNEURS BACCALAUREUS EDUCATIONIS (BEDHONS) .....</b>	<b>18</b>
OP.1.12.1	Duur (minimum en maksimum duur) .....	18
OP.1.12.2	Toelatingsvereistes vir die kwalifikasie.....	18
OP.2	Program: BEdHons (NKR-Vlak 7 - OAL)	20
<b>OP.2.1</b>	<b>MODULELYS .....</b>	<b>23</b>
<b>OP.2.2</b>	<b>MODULE UITKOMSTE (NKR-VLAK 7 OAL).....</b>	<b>26</b>
<b>OP.2.3</b>	<b>PROGRAM: BEDHONS (NKR-VLAK 8) (VOLTYDS/DEELTYDSKONTAK) .....</b>	<b>36</b>
<b>OP.2.4</b>	<b>MODULELYS .....</b>	<b>67</b>
<b>OP.2.5</b>	<b>MODULE UITKOMSTE (NKR-VLAK 8).....</b>	<b>70</b>
OP.3	REËLS VIR DIE GRAAD Magister Educationis (MED)	90
<b>OP.3.1</b>	<b>DIE NAVORSING MED-GRAAD .....</b>	<b>90</b>
OP.3.1.1	Aard en doel van die kwalifikasie .....	90
OP.3.1.2	Toelatingsvereistes en Registrasie.....	90
OP.3.1.3	ERKENNING VAN VORIGE LEER.....	91
OP.3.1.4	STUDIEPROGRAM .....	91
OP.3.1.5	DUUR VAN DIE STUDIE.....	91
OP.3.1.6	VERLENGING VAN STUDIETYDPERK.....	92
OP.3.1.7	LYS VAN PROGRAMME .....	92
OP.3.1.8	EKSAMINERING .....	92
OP.3.1.9	TERMINERING VAN STUDIE .....	93

OP.3.1.10	ARTIKULASIE .....	94
OP.4	REËLS VIR DIE GRAAD PhilosophiaE DOCTOR (PhD)	95
<b>OP.4.1</b>	<b>DIE DOEL VAN DIE DOKTORSGRAADPROGRAM.....</b>	<b>95</b>
<b>OP.4.2</b>	<b>TOELATINGSVEREISTES .....</b>	<b>95</b>
OP.4.2.1	Algemene toelatingsvereistes.....	95
OP.4.2.2	Spesifieke toelatingsvereistes.....	96
<b>OP.4.3</b>	<b>ERKENNING VAN VORIGE LEER.....</b>	<b>96</b>
<b>OP.4.4</b>	<b>STUDIEPROGRAM .....</b>	<b>96</b>
<b>OP.4.5</b>	<b>DUUR VAN DIE STUDIE.....</b>	<b>96</b>
<b>OP.4.6</b>	<b>VERLENGING VAN STUDIETYDPERK .....</b>	<b>97</b>
<b>OP.4.7</b>	<b>LYS VAN PROGRAMME .....</b>	<b>97</b>
<b>OP.4.8</b>	<b>EKSAMINERING .....</b>	<b>97</b>
OP.4.8.1	Benoeming van eksaminatore .....	97
OP.4.8.2	Eksaminering.....	98
<b>OP.4.9</b>	<b>VEREISTES VIR DIE PROEFSKRIF .....</b>	<b>98</b>
<b>OP.4.10</b>	<b>TERMINERING VAN STUDIE.....</b>	<b>98</b>

## **FAKULTEIT OPVOEDINGSWETENSKAPPE: AMPSDRAERS**

### **Uitvoerende Dekaan**

Prof RJ Balfour (BA, BAHons, HDE (PGCE), MA, PhD)

### **Direkteure van die Skole en Navorsingsentiteite**

#### **Skool vir Natuurwetenskappe en Tegnologie vir Onderwys**

Dr NT Petersen (BSc.ED, BScHons, MPhil, PhD)

#### **Skool vir Opvoedkundestudies**

Prof PJ Mentz (BA, HOD (Nagraads), BEd, MEd, DEd, DTO)

#### **Skool vir Geesteswetenskappe vir Onderwys**

Dr HJ van Vuuren (BA, HOD (Nagraads), BAHons, BEd, MEd, PhD)

### **Navorsingsadministrasie van die Fakulteit**

Prof CD Roux (BA, BAHons, SOD, MA, DPhil)

### **Navoringseenheid: EduHright**

Prof JP Rossouw (POD (*Onderwys diploma*), BEd, MEd, DEd)

### **Navorsingsfokusarea: SDL (Self-gerigte Leer)**

Prof Elsa Mentz (BA, HOD (Nagraads), BSc(Hons), MSc, PhD)

### **Administratiewe Bestuurder: Voor- en Nagraadse Programme en Navorsing**

Mnr JJ Liebenberg

### **Administratiewe Bestuurder: Bestuursinligting en Vergaderingadministrasie**

Me AMC Cloete

### **Kwaliteitshoof**

Me V Claassen

### **Finansiële beamppte**

Me JM van Heerden

## **Dagbestuur van die Fakulteit**

Prof RJ Balfour (*Voorsitter*)

Dr NT Petersen

Prof PJ Mentz

Dr HJ van Vuuren

Prof JP Rossouw (Navorsingseenheid: Edu-HRight)

Prof E Mentz (Navorsingsfokusarea: SDL&TEL)

Mnr JJ Liebenberg (Voor- en Nagraadse Programme en Navorsing)

Me AMC Cloete (Bestuursinligting en Vergaderingadministrasie)

Me V Claassen (Kwaliteitshoof)

Me JM van Heerden (Finansiële Beampte)

## **Fakulteitsraad**

Uitvoerende Dekaan (*Voorsitter*)

Direkteure van die skole

Direkteure van die Navorsingsadministrasie, die Navorsingseenheid en die Navorsingsfokusarea

Fakulteitsverteenvwoordigers in Kampussenaat

Fakulteitsverteenvwoordigers in Institutionele Senaat

Navorsingsprofessore van die skole en Fokusarea

Programleiers:

- MEd en PhD
- BEdHons
- NGDO (PGDE) (Nagraadse Diploma in Onderwys)
- NGOS (Nagraadse Onderwyssertifikaat)

- BEd
  - Grondslagfase
  - Intermediére en Seniorfase
  - Senior en Verdere Onderwys en Opleidingsfase en Tegnologie
- ADE (Gevorderde Diploma in Onderwys)
- Graad R-Diploma
- ACT (Gevorderde Sertifikaat in Onderwys)
- GOS (Gevorderde Onderwyssertifikaat)
- NPOD (Nasionale Professionele Onderwysdiploma)
- Kortleerprogramme

Vakgroepvoorsitters

Voorsitters van Fakulteitsraadkomitees

Bestuurder: Afdeling Professionele Ontwikkeling

Bestuurder: Voor- en Nagraadse Programme en Navorsing

Bestuurder: Bestuursinligting en Vergaderingadministrasie (Notulehouer)

Kwaliteitshoof

Studenteverteenwoordigers

Verteenwoordiger van die Fakulteit Natuurwetenskappe

Verteenwoordiger van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe

#### **KONTAKBESONDERHEDE VAN DIE FAKULTEIT**

Telefoonnummer: 018 299 1766

E-posadres: [Edu-EnquiryPotch@nwu.ac.za](mailto:Edu-EnquiryPotch@nwu.ac.za)

Webwerf: [http://www.nwu.ac.za/af/p-fes/index\\_a.html](http://www.nwu.ac.za/af/p-fes/index_a.html)

## **OP.1 FAKULTEITSREËLS**

### **OP.1.1 GESAG VAN DIE ALGEMENE AKADEMIESE REËLS**

Die fakulteitsreëls, wat op die verskillende kwalifikasies, programme en kurrikulums van hierdie Fakulteit van toepassing is en in hierdie Fakulteitsjaarboek opgeneem is, is onderhewig aan die Algemene Akademiese Reëls van die Universiteit, soos dit van tyd tot tyd deur die Raad van die Universiteit op aanbeveling van die Senaat vasgestel word, en moet dus met die Algemene Akademiese Reëls saam gelees word.

### **OP.1.2 FAKULTEITSPESIFIKE REËLS EN REGULASIES**

Onderrigbeleid:

Die onderrigbeleid van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe is saamgestel in ooreenstemming met die visie en missie van die Noordwes-Universiteit.

Prosedures ten opsigte van kwaliteitversekering in die Fakulteit (die Onderrig- en Leerbeleid asook Assesserings- en Modereringsbeleid) is op die web beskikbaar by:

- (a) [http://www.nwu.ac.za/export/sites/default/nwu/gov/man/policy/8P-TL\\_e.pdf](http://www.nwu.ac.za/export/sites/default/nwu/gov/man/policy/8P-TL_e.pdf).
- (b) [http://www.nwu.ac.za/export/sites/default/nwu/gov/man/policy/8P-8.1.7-assessment\\_e.pdf](http://www.nwu.ac.za/export/sites/default/nwu/gov/man/policy/8P-8.1.7-assessment_e.pdf).

Navorsingsbeleid:

Die navorsingsbeleid van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe is saamgestel in ooreenstemming met die visie en missie van die Noordwes-Universiteit. Ons prioriteite is die ontwikkeling van akademieskap, asook die handhawing van relevante, innoverende, toonaangewende en gefokusde navorsing om die uitdagings van die onderwys nasionaal en internasionaal aan te spreek.

Die webblad van die Navorsingsfokusarea, Fakulteit Opvoedingswetenskappe:  
<http://www.nwu.ac.za/p-retlo/welc.html>.

#### **TOELATINGSVEREISTES**

Die toelatingsvereistes vir alle formele akademiese kwalifikasies wat deur die Universiteit aangebied word, is uiteengesit in die Toelatingsbeleid soos goedgekeur deur die Senaat en die Raad  
([http://www.nwu.ac.za/webfm\\_send/24749](http://www.nwu.ac.za/webfm_send/24749)).

Toelatingsvereistes vir die Universiteit word uiteengesit in A-reëls A.3.2 (honneursgraad), A.4.2 (MEd) en A.5.2 (PhD). Spesifieke vereistes word uiteengesit in die reëls vir die verskillende kwalifikasies, programme en kurrikula aangebied deur die Fakulteit Opvoedingswetenskappe.

#### **NKR-Vlak 7 (OAL)**

Enige erkende opvoedkundige kwalifikasie wat optel na 480 krediete (waarvan 72 op NKR-vlak 6), of enige erkende EVL-ekwivalent van die bogenoemde:

- erkende driejarige onderwyskwalifikasie met 'n GOS/VDO/HOD;
- erkende vierjarige HOD-kwalifikasie.

#### **NKR-Vlak 8 (voltyds/deeltyds kontak)**

'n Vierjarige professionele onderwysgraad OF 'n toepaslike baccalaureusgraad gevvolg deur 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie. 'n Minimum van 65% gemiddeld in die finale jaar van die kwalifikasie wat toegang bied tot die BEdHons.

**JAARLIKSE REGISTRASIE**

Die bepalings van 2.3.1 is aangepas soos vereis van toepassing op honneursprogramme.

Jaarlikse registrasie is afhanklik van 'n suksesvolle aansoekproses.

**NKR-Vlak 7 (OAL)**

Studente mag te enige tyd gedurende die akademiese jaar registreer.

**NKR-Vlak 8 (voltyds/deeltyds kontak)**

Aansoeke word gedoen voor 30 September onderhewig aan keuring vir registrasie in Januarie die daaropvolgende jaar.

Studente mag slegs in Januarie van elke jaar registreer nadat hulle toelating die vorige jaar verkry het.

**REGISTRASIE VIR BYKOMENDE MODULES**

'n Student kan in enige studiejaar deur die dekaan op versoek en ooreenkomstig fakulteitsreëls toegelaat word om, benewens die vereiste modules van die betrokke kurrikulum, modules bykomend daartoe te neem.

'n Student mag skriftelik aansoek doen vir toestemming om te registreer vir addisionele modules vir niegraaddoeleindes.

Toestemming mag verleen word deur die programleier (as gevoldmagtigde van die Dekaan).

**VRYSTELLING VAN REGISTRASIE**

Die bepalings van 2.3.5 is aangepas soos vereis van toepassing op honneursprogramme.

**WYSIGING OF KANSELLASIE VAN REGISTRASIE**

Die bepalings van 2.3.6 is aangepas soos vereis van toepassing op honneursprogramme met dien verstande dat kansellasie

van registrasie vir 'n honneursprogram te eniger tyd aangevra kan word.

#### **OP.1.4 EKSAMEN**

##### **EKSAMINATORS EN MODERATORS**

OP.1.4.1.1 Die bepalings van 2.4.1 is aangepas soos vereis van toepassing op honneursprogramme.

OP.1.4.1.2 Die studieleier van 'n honneursskripsie mag nie 'n interne eksaminator van sodanige skripsie wees nie.

##### **NKR-Vlak 7 (OAL)**

Vir NAVR 621 word studieleiers nie toegewys nie. Sulke navorsingsverslae word deur die toepaslike dosent geëvalueer.

##### **NKR-Vlak 8 (voltyds/deeltyds kontak)**

Die studieleier vir 'n betrokke BEdHons-navorsingsverslag (RSPR 671 – slegs vlak 8-kwalifikasie) evalueer die navorsingsverslag as interne eksaminator (studieleier), en die navorsingsverslag word dan gemodereer deur een interne moderator (vakgroeplid) en dan uitgestuur vir eksterne moderering. Hierdie is 'n jaarlikse proses. In die geval van groot groepe studente sal 'n minimum van 10% ewekansig uitgesoek word vir eksterne moderering.

##### **VEREISTES VIR EKSAMENTOELATING**

Die bepalings van 2.4.2 is aangepas soos vereis van toepassing op honneursprogramme.

Bewys van deelname, wat toelating tot die eksamen verskaf, sal slegs uitgereik word indien die student aan al die vereistes vir die betrokke module voldoen het tot die bevrediging van die skooldirekteur in konsultasie met die relevante

vakgroepvoorsitter/programleier. Die vereistes is vasgelê in die studiegids vir die betrokke module en onder die module-uitkomste in die jaarboek.

#### SLAAGVEREISTES

Die slaagvereistes vir elke honneurskurrikulum en module word in die betrokke fakulteitsreëls vasgestel, met inbegrip van die verhouding waarin die evalueringsmetodes van toepassing op 'n spesifieke module (of groep modules) in die fakulteit gekombineer word om te bepaal of dit suksesvol voltooi is.

Die bepalings van A.2.4.3 en A.2.4.3.2 is toepaslik soos aangepas vir honneursprogramme.

- a) Die modulepunt word bereken volgens die verhouding tussen die deelnamepunt en die eksamenpunt soos uiteengesit onder die module-uitkomste in die toepaslike jaarboek.
- b) Die modulepunt wat vereis word vir 'n slaagpunt in 'n module waarin eksamen geskryf word, is 50%.
- c) Die subminimum vir alle modules waarin eksamen geskryf word, is 40% (A-Reël A.2.4.3), behalwe indien dit anders bepaal word in die reëls vir spesifieke programme en kurrikula.
- d) Aanpassing van die modulepunt van 'n eerstesemestermodule waarin 'n eksamen geskryf is maar nie geslaag is nie, mag oorweeg word in ooreenstemming met die bepalings van A-Reël A.2.4.3.2.
- e) Om 'n BEdHons-graad te slaag moet al die modules van die spesifieke kurrikulum suksesvol voltooi word.

## **AANTAL EKSAMENGELEENTHEDE**

OP.1.4.1.3 Behalwe waar fakulteitsreëls anders bepaal, kan 'n student wat in 'n eksamen een of meer van die modules van 'n honneursstudie druiп deur die betrokke dekaan, na oorleg met die skooldirekteur, tot 'n tweede eksamengeleentheid in die betrokke module(s) toegelaat word.

### **NKR-Vlak 7 (OAL)**

'n Deelnamepunt in enige gegewe module verskaf aan 'n student 'n maksimum van twee eksamengeleenthede. 'n Student wat een of meer modules van 'n honneursprogram druiп mag 'n tweede eksamengeleentheid toegestaan word in die daaropvolgende eksamensiklus.

### **NKR-Vlak 8 (voltyds/deeltyds kontak)**

Waar 'n deelnamepunt in enige gegewe module verwerf is bied dit aan 'n student slegs een eksamengeleentheid.

### **NKR-Vlak 8 (OAL)**

'n Deelnamepunt in enige gegewe module verskaf aan 'n student 'n maksimum van twee eksamengeleenthede. 'n Student wat een of meer modules van 'n honneursprogram druiп mag 'n tweede eksamengeleentheid toegestaan word in die daaropvolgende eksamensiklus.

- OP.1.4.1.4 'n Student mag binne die maksimum toelaatbare studietylperk eenmalig vraestelle wat nie 25% van die modules van die betrokke kurrikulum oorskry nie, herhaal.
- OP.1.4.1.5 'n Student wat ná benutting van alle gewone eksamengeleenthede alle modules wat in 'n honneursprogram vereis word, behalwe een, geslaag het, kan by die betrokke dekaan aansoek doen om 'n finale assesseringsgeleenthed in die uitstaande module waarvoor die betaling van 'n voorgeskrewe bedrag, maar nie registrasie nie, vereis word.

#### **VERLENGING VAN STUDIETYLPERK**

Die bepalings van 2.4.6 is aangepas soos vereis van toepassing op honneursprogramme.

#### **NKR-Vlak 7 (OAL)**

Die minimumduur vir studie vir hierdie graad is twee jaar en die maksimumduur vir die voltooiing van die graad is vier jaar. Studente wat die maksimumduur van die studie oorskry moet by die programleier, as gevoldmagtigde van die Dekaan, aansoek doen om herregistrasie. Dit moet skriftelik gedoen word. So 'n student kan twee verdere eksamengeleenthede gebied word om uitstaande modules af te handel. Indien die student steeds modules kortkom na die toegestane twee eksamengeleenthede, word so 'n student se studie finaal getermineer en die student sal nie toegelaat word om met die program voort te gaan nie.

#### **NKR-Vlak 8 (voltyds/deeltyds kontak)**

Die minimumduur vir studie in hierdie graad is een jaar en die maksimumduur is drie jaar. Studente wat die maksimumduur van die studie oorskry moet by die programleier, as

gevolmagtigde van die Dekaan, aansoek doen om herregistrasie. Dit moet skriftelik gedoen word.

#### **ONBEVREDIGENDE AKADEMIESE PRESTASIE**

Die bepalings van 2.4.7 en 2.4.8 is aangepas soos vereis van toepassing op honneursprogramme.

##### **NKR-Vlak 7 (OAL)**

'n Student wie se akademiese vordering onbevredigend is, sal 'n formele skriftelike waarskuwing ontvang van die Direkteur van die SVO. Indien die vordering steeds nie bevredigend is nie, sal teen die student opgetree word in terme van A-Reël A.2.4.8.

##### **NKR-Vlak 8 (voltyds/deeltyds kontak)**

'n Student wie se akademiese vordering as onbevredigend beskou word, sal 'n formele skriftelike waarskuwing van die Kantoor van Akademiese Administrasie ontvang en 'n afskrif hiervan sal op die student se lêer geplaas word. Indien vordering daarna steeds nie bevredigend is nie, sal met die student gehandel word volgens A-Reël A.2.4.8.

#### **OP.1.5                  VERWERWING VAN DIE GRAAD**

##### **VOLDOENING VAN DIE VEREISTES**

Die honneursgraad word verwerf wanneer 'n student in die eksamen van al die voorgeskrewe modules wat in fakulteitsreëls vir die betrokke kurrikulum voorgeskryf word, geslaag het.

Die voorgeskrewe modules is vervat in die BEdHons-programdokument.

## **KWALIFIKASIE MET ONDERSKEIDING**

Die honneursgraad word met onderskeiding toegeken waar die student die graad binne die minimum tydperk voltooi en 'n geweegde gemiddeld van 75% in al die kernmodules behaal het.

### **NKR-Vlak 8 (voltyds/deeltyds kontak)**

Die honneursgraad word met onderskeiding toegeken waar die student die graad in die minimumtydperk voltooi en 'n geweegde gemiddeld van 75% in al die modules (geweeg volgens die modulekrediete) verwerf het

## **SAMESTELLING VAN DIE DEELNAMEPUNT**

- a) Die deelnamepunt vir 'n module word saamgestel op grond van die punte wat behaal word vir toetse, opdragte, praktiese- en/of navorsingsopdragte. (Verwys Algemene Akademiese Reël A.3.4.3.)
- b) Die verhouding tussen teorie en praktiese werk vir die berekening van die deelnamepunt vir modules, is soos uiteengesit in die betrokke studiegidse.

## **OP.1.6 WAARSKUWING TEEN PLAGIAAT**

Werkstukke is individuele take en nie groepsaktiwiteite nie (tensy dit uitdruklik aangedui word as 'n groepsaktiwiteit). Vir meer besonderhede gaan na:

[http://www.puk.ac.za/opencms/export/PUK/html/beheer-bestuur/beleid-reels/WAARSKUWING\\_TEEN\\_plagiaat.pdf](http://www.puk.ac.za/opencms/export/PUK/html/beheer-bestuur/beleid-reels/WAARSKUWING_TEEN_plagiaat.pdf).

## **OP.1.7 KAPASITEITSBEPALINGS**

Neem asseblief kennis dat die Universiteit as gevolg van spesifieke kapasiteitsbepalings hom die reg voorbehou om kandidate vir toelating tot bepaalde studierigtigs te keur. Dit beteken dat voornemende studente wat aan die minimum

toelatingsvereistes voldoen, nie noodwendig tot die betrokke kursus toegelaat sal word nie.

**OP.1.8 ERKENNING VAN VORIGE LEER**

Die proses vir erkenning van vorige leer is in die Algemene Akademiese Reëls A.2.3.2. Die bepalings van A.2.3.2 geld ook vir BEdHons programme.

**OP.1.9 TOLKING IN DIE FAKULTEIT (BEdHons)**

Die Taalbeleid van die NWU is by die volgende webadres beskikbaar:

[http://www.nwu.ac.za/export/sites/default/nwu/gov\\_policy/2P-2.5-Language\\_a.pdf](http://www.nwu.ac.za/export/sites/default/nwu/gov_policy/2P-2.5-Language_a.pdf).

**Programspesifiek:**

**BEdHons** – Programme word oor die algemeen in Afrikaans en Engels aangebied op die Potchefstroomkampus, en in Engels deur afstandsonderrig. Eksamenvraestelle word in Afrikaans en Engels opgestel, en studente mag vraestelle in Afrikaans of Engels beantwoord. Die volg van enige BEdHons.-program vereis ‘n funksionele vaardigheidsvlak in die taal wat die student verkies om te gebruik. Die programme in Afrikaanse Taalonderwys word slegs in Afrikaans aangebied, en die programme in English Language Education and Educational Training and Development word slegs in Engels aangebied.

Skool	Vakgroep
Skool vir Geesteswetenskappe vir Onderwys	<ul style="list-style-type: none"> <li>○ Afrikatale vir Onderwys</li> <li>○ Afrikaans vir Onderwys</li> <li>○ Ekonomiese en Bestuurswetenskappe-onderwys en Geskiedenisonderwys</li> <li>○ Engels vir Onderwys</li> <li>○ Kreatiewe en Uitvoerende Kunste vir Onderwys</li> <li>○ Vroeë Kinderontwikkeling</li> </ul>
Skool vir Natuurwetenskappe en Tegnologie vir Onderwys	<ul style="list-style-type: none"> <li>○ Geografie-onderwys en omgewingsopvoeding</li> <li>○ Natuurwetenskappe-onderwys</li> <li>○ Rekenaarwetenskaponderwys</li> <li>○ Tegnologie vir Onderwys</li> <li>○ Wiskunde-onderwys</li> </ul>
Skool vir Opvoedkundestudies	<ul style="list-style-type: none"> <li>○ Bewegingsonderwys</li> <li>○ Kurrikulumstudies, Filosofie en Navorsingsmetodologie</li> <li>○ Lewensoriëntering</li> <li>○ Opvoedkundige Sielkunde en Leerderondersteuning</li> <li>○ Onderwysbestuursleierskap</li> <li>○ Onderwysreg</li> </ul>

- Vergelykende Opvoedkunde

#### **OP.1.11 KWALIFIKASIES, PROGRAMME EN KURRIKULUMS**

Die Universiteit is bevoeg om die volgende grade, sertifikate en diplomas wat in die Fakulteit Opvoedingswetenskappe aangebied word, toe te ken:

- Philosophiae Doctor (PhD)
- Magister Educationis (MEd)
- Baccalaureus Educationis Honores (BEdHons)
- Nagraadse Onderwyssertifikaat (NGOS)
- Baccalaureus Educationis (BEd)
- Graad R-Diploma
- Nasionale Professionele Onderwysdiploma (NPOD) (Program faseer uit. Pyplyn-studente tot en met 2018.)
- Gevorderde Onderwyssertifikaat (GOS) (Program faseer uit. Pyplyn-studente tot en met 2018.)



HONNEURSGRAAD						
VLAK 7: OAL						
KWALIFIKASIE	PROGRAM EN KODE	KURRIKULUM EN KODE	METODE VAN AFLEWERING	NKR -VLAK	AANTAL MODULES	AANTAL KREDIETE
Honneurs Baccalaureus Educationis (BEDHons)	Onderrig en Leer 464 120	Algemene Onderrig en Leer O601P	OAL	7	11	128
	Onderwysbestuur, -reg en -stelsels 464 121	Onderwysbestuur, -reg en -stelsels O608P	OAL	7	13	128
	Leerdeondersteuning 464 148	Leerdeondersteuning O610P	OAL	7	11	128
	Onderrig en Leer 464 120	Wiskunde-Onderwys O607P	OAL	7	11	128
VLAK 8: Voltyds / Deeltyds (KONTAK)						
Honneurs Baccalaureus Educationis (BEDHons)	Afrikaanse Taalonderwys 464 138  (Word slegs in Afrikaans aangebied)	Afrikaanse Taalonderwys O601P  (Word slegs in Afrikaans aangebied)	Voltyds Deeltyds Kontak	8	6	136
	Rekenaarwetenskap-Onderwys 464 139	Rekenaarwetenskap-Onderwys O602P	Voltyds Deeltyds Kontak	8	7	128
	Kurrikulumstudies 464 140	Kurrikulumstudies O603P/V	Voltyds Deeltyds Kontak	8	8	128
	Onderwysbestuur, -reg en -stelsels 464 121	Onderwysbestuur, -reg en -stelsels O605P/V/M	Voltyds Deeltyds Kontak	8	6	128
	Opvoedkundige Sielkunde 464 122	Opvoedkundige Sielkunde O607P	Slegs voltyds	8	8	152
	English Language Education 464 145  (Word slegs in Engels aangebied)	English Language Education O608P  (Word slegs in Engels aangebied)	Voltyds Deeltyds Kontak	8	6	128
	Geografie-Onderwys 464 147	Geografie-Onderwys O610P	Voltyds Deeltyds Kontak	8	7	128

	Geskiedenisonderwys 4BF M01	Geskiedenisonderwys O601P	Voltyds Deeltyds Kontak	8	7	128
	Leerderondersteuning 464 148	Leerderondersteuning O611P/V/M	Voltyds Deeltyds Kontak	8	6	128
	Lewenswetenskappe-Onderwys 464 149	Lewenswetenskappe-Onderwys O612P	Voltyds Deeltyds Kontak	8	7	128
	Wiskunde-Onderwys 464 150	Wiskunde-Onderwys O613P	Voltyds Deeltyds Kontak	8	6	128
	Bewegingsonderwys 464 151	Bewegingsonderwys O614P	Voltyds Deeltyds Kontak	8	7	128
	Fisiesewetenskaponderwys 464 152	Fisiesewetenskaponderwys O615P	Voltyds Deeltyds Kontak	8	8	128
	Tegnologie-Onderwys 464 133	Tegnologie-Onderwys O617P	Voltyds Deeltyds Kontak	8	7	128

MEESTERSGRAAD						
KWALIFIKASIE	PROGRAM EN KODE	KURRIKULUM EN KODE	METODE VAN AFLEWERING	NKR -VLAK	MODULE KODE	AANTAL KREDIEDE
<b>Magister Educationis (MEd)</b>	Kurrikulumontwikkeling 403 116	Kurrikulumontwikkeling O815P	Voltyds Deeltyds	9	EDTM 871	240
	Natuurwetenskaponderwys 403 121	Natuurwetenskaponderwys O802P	Voltyds Deeltyds	9	NWOW 817	240
	Onderwysbestuur 403 122	Onderwysbestuur O803P	Voltyds Deeltyds	9	ONWB 871	240
	Onderwysreg 403 123	Onderwysreg O804P	Voltyds Deeltyds	9	ONWR 871	240
	Opvoedkundige Sielkunde 403 124	Opvoedkundige Sielkunde O805P	Voltyds Deeltyds	9	OPSK 871	240
	Vergelykende Opvoedkunde 403 125	Vergelykende Opvoedkunde O806P	Voltyds Deeltyds	9	VGLO 871	240
	Wiskunde-onderwys 403 126	Wiskunde-onderwys O807P	Voltyds Deeltyds	9	WISO 871	240

	Leerdeondersteuning 403 127	Leerdeondersteuning 0808P	Voltyds Deeltyds	9	OPSL 871	240
	Filosofie van die opvoeding 403 129	Filosofie van die opvoeding 0810P	Voltyds Deeltyds	9	FOPV 871	240
	Bewegingsonderwys 403 130	Bewegingsonderwys 0811P	Voltyds Deeltyds	9	BWOS 871	240
	Rekenaarwetenskaponderwys 403 131	Rekenaarwetenskaponderwys 0812P	Voltyds Deeltyds	9	RWON 871	240

**DOKTORSGRAAD**

KWALIFIKASIE	PROGRAM EN KODE	KURRIKULUM EN KODE	METODE VAN AFLEWERING	NKR -VLAK	MODULE KODE	AANTAL KREDIETE
Philosophiae Doctor (PhD)	NatuurwetenskapOnderwys 404 111	Natuurwetenskaponderwys O902P	Voltyds Deeltyds	10	NWOW 971	360
	Onderwysbestuur 404 112	Onderwysbestuur O903P	Voltyds Deeltyds	10	ONWB 971	360
	Onderwysreg 404 113	Onderwysreg O904P	Voltyds Deeltyds	10	ONWR 971	360
	Opvoedkundige Sielkunde 404 114	Opvoedkundige Sielkunde O905P	Voltyds Deeltyds	10	OPSK 971	360
	Vergelykende Opvoedkunde 404 115	Vergelykende Opvoedkunde O906P	Voltyds Deeltyds	10	VGLO 971	360
	Wiskunde-Onderwys 404 116	Wiskunde-Onderwys O907P	Voltyds Deeltyds	10	WISO 971	360
	Leerdeondersteuning 404 117	Leerdeondersteuning 0908P	Voltyds Deeltyds	10	OPSL 971	360
	Filosofie van die opvoeding 404 119	Filosofie van die opvoeding 0910P	Voltyds Deeltyds	10	FOPV 971	360
	Bewegingsonderwys 404 120	Bewegingsonderwys 0911P	Voltyds Deeltyds	10	BWOS 971	360
	Rekenaarwetenskaponderwys 404 121	Rekenaarwetenskaponderwys 0912P	Voltyds Deeltyds	10	RWON 971	360
	Kurrikulumontwikkeling Innovasie en Evaluering 404 130	Kurrikulumontwikkeling Innovasie en Evaluering 0914P	Voltyds Deeltyds	10	DCDM 971	360

**OP.1.12 REËLS VIR DIE GRAAD HONNEURS BACCALAUREUS EDUCATIONIS  
(BEdHons)**

**METODE VAN AFLEWERING:**

- Voltyds (NKR-vlak 8)  
Deeltyds Kontak (NKR-vlak 8)  
OAL (NKR-vlak 7)

- Hierdie kwalifikasie kan verwerf word in een van die programme en kurrikula wat in die programdokument beskryf word en kan voltyds of deeltyds geneem word.
- ‘n **“Voltydse student”** is ‘n student vir wie studie die hoofaktiwiteit is en wat ‘n kurrikulum volg wat binne die voorgeskrewe minimum tydperk voltooi kan word.
- Die reëls vir die BEdHons moet saamgelees word met die algemene akademiese reëls van die Universiteit wat beskikbaar is op die Internet by:  
<http://www.nwu.ac.za>

**DUUR (MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR)**

Die minimumduur van die studie vir hierdie graad is een (1) jaar en die maksimumduur vir die voltooiing van die graad is drie (3) jaar.

**TOELATINGSVEREISTES VIR DIE KWALIFIKASIE**

Toelating tot hierdie kwalifikasie geskied volgens die Algemene reëls A.3.2 van die Universiteit. In die besonder geld die volgende toelatingsvereistes vir die BEdHons-graad.

**NKR-VLAK 7 (OAL)**

Die BEdHons-graad op NKR-vlak 7 se laaste inname was Oktober 2015 en hierdie studente moet die kwalifikasie teen die einde van 2018 voltooi. Op voorwaarde dat hulle FOER 611 en RSPR 671 vir niegraaddoeleindes suksesvol afhandel (met ‘n minimumpunt van 65% vir albei navorsingsmodules), kan hierdie kandidate aansoek doen vir toelating tot die MEd-graad op NKR-vlak 9. Die BEdHons-graad op NKR-vlak 7 word behou tot 2018 om studente te akkommodeer wat nie ‘n vorige graad het nie, en wat dus nie kwalificeer vir toelating tot die BEdHons-graad op NKR-vlak 8 nie.

**NKR-Vlak 8 (voltyds/deeltyds kontak)**

‘n Vierjarige professionele onderwysgraad OF ‘n toepaslike baccalaureusgraad gevvolg deur ‘n erkende professionele onderwyskwalifikasie. ‘n Minimum van 65% gemiddeld in die finale jaar van die kwalifikasie wat toegang bied tot die BEdHons.

Na die suksesvolle voltooiing van die BEdHons-graad op NKR-vlak 8 met 'n minimum-gemiddelde punt van 65% in die honneursgraad, sowel as 'n minimumpunt van 65% vir beide die navorsingsmodules (FOER 611 en RSPR 671) in die BEdHons-graad kwalifiseer studente om aansoek te doen vir die MEd-graad op NKR-vlak 9.

**OP.2            PROGRAM: BEdHons (NKR-VLAK 7 - OAL)**

**PROGRAM:** Onderig en Leer (Programkode: 464 120)

**LET WEL:**

*Hierdie program word slegs aangebied by OAL. Die laaste inname was in Oktober 2015.  
Slegs pyyplynstudente word steeds in hierdie programme geakkommodeer.*

**Programspesifieke toelatingsvereistes**

Kyk OP.1.2.1 – Toelatingsvereistes

**Programstruktuur**

**Deeltyds: Algemene Onderig en Leer (Kurrikulumkode: O601P )**

Jaar 1		Jaar 2	
Eerste semester		Eerste semester	
Modulekode	Kr	Modulekode	Kr
LEON 611	8	LEON 613	8
LEON 612	8	ONWB 611	8
LEON 614	16	NAVR 611	16
<b>Totaal 1<sup>ste</sup> semester</b>	<b>32</b>	<b>Totaal 1<sup>ste</sup> semester</b>	<b>32</b>
Jaar 1		Jaar 2	
Tweede semester		Tweede semester	
Modulekode	Kr	Modulekode	Kr
LEON 621	16	LEON 623	16
LEON 622	16	LEON 624	8
		NAVR 621	8
<b>Totaal 2<sup>de</sup> semester</b>	<b>32</b>	<b>Totaal 2<sup>de</sup> semester</b>	<b>32</b>
<b>Totaal Jaar 1</b>	<b>64</b>	<b>Totaal Jaar 2</b>	<b>64</b>

**PROGRAM: Onderwysbestuur, -Reg en -Stelsels (Programkode: 464 121)**

**LET WEL:**

*Hierdie program word slegs aangebied by OAL. Die laaste inname was in Oktober 2015.  
Slegs pyyplynstudente word steeds in hierdie programme geakkommodeer.*

## **Programspesifieke toelatingsvereistes**

Kyk OP.1.2.1 – Toelatingsvereistes

### **Programstruktuur**

**Deeltyds: Onderwysbestuur, -Reg en -Stelsels (Kurrikulumkode: O608P)**

Jaar 1		Jaar 2	
Eerste semester		Eerste semester	
Modulekode	Kr	Modulekode	Kr
LEON 611	8	LEON 613	8
LEON 612	8	ONWB 611	8
VGLO 612	16	NAVR 611	16
<b>Totaal 1<sup>ste</sup> semester</b>	<b>32</b>	<b>Totaal 1<sup>ste</sup> semester</b>	<b>32</b>
Jaar 1		Jaar 2	
Tweede semester		Tweede semester	
Modulekode	Kr	Modulekode	Kr
ONWB 621	16	ONWR 621	8
ONWB 622	8	ONWR 622	8
ONWB 623	8	NAVR 621	8
		<b><u>Kies een:</u></b>	
		ONWR 623 (Keusemodule)	8
		VGLO 621 (Keusemodule)	8
<b>Totaal 2<sup>de</sup> semester</b>	<b>32</b>	<b>Totaal 2<sup>de</sup> semester</b>	<b>32</b>
<b>Totaal Jaar 1</b>	<b>64</b>	<b>Totaal Jaar 2</b>	<b>64</b>

**PROGRAM: Leerderondersteuning (Programkode: 464 148)****LET WEL:**

Hierdie program word slegs aangebied by OAL. Die laaste inname was in Oktober 2015.  
Slegs pyplystudente word steeds in hierdie programme geakkommodeer.

**Programspesifieke toelatingsvereistes**

Kyk OP.1.2.1 – Toelatingsvereistes

**Programstruktuur****Deeltyds: Leerderondersteuning (Kurrikulumkode: O610P )**

Jaar 1		Jaar 2	
Eerste semester		Eerste semester	
Modulekode	Kr	Modulekode	Kr
LEON 611	8	OPSK 613	8
LEON 612	8	NAVR 611	16
OPSK 612	16		
<b>Totaal 1<sup>ste</sup> semester</b>	<b>32</b>	<b>Totaal 1<sup>ste</sup> semester</b>	<b>32</b>
Jaar 1		Jaar 2	
Tweede semester		Tweede semester	
Modulekode	Kr	Modulekode	Kr
LEON 621	16	OPSK 625	8
LEON 622	16	OPSK 624	8
		LEON 624	8
		NAVR 621	8
<b>Totaal 2<sup>de</sup> semester</b>	<b>32</b>	<b>Totaal 2<sup>de</sup> semester</b>	<b>32</b>
<b>Totaal Jaar 1</b>	<b>64</b>	<b>Totaal Jaar 2</b>	<b>64</b>

## **PROGRAM: Onderig en Leer (Programkode: 464 120)**

### **LET WEL:**

Hierdie program word slegs aangebied by OAL. Die laaste inname was in Oktober 2015.  
Slegs pyplystudente word steeds in hierdie programme geakkommodeer.

### **Programspesifieke toelatingsvereistes**

Leerders wat 'n kurrikulum in Wiskunde-onderwys wil volg, moet toepaslik opgelei wees om in 'n permanente hoedanigheid as opvoeder in daardie betrokke leerarea, Wiskunde of Wiskunde Geletterdheid, in 'n skoolfase aangestel te word.

### **Programstruktuur**

#### **Deeltydse: Wiskunde-Onderwys (Kurrikulumkode: 0607P )**

Jaar 1		Jaar 2	
Eerste semester		Eerste semester	
Modulekode	Kr	Modulekode	Kr
LEON 611	8	LEON 613	8
LEON 612	8	ONWB 611	8
WISO 611	16	NAVR 611	16
<b>Totaal 1<sup>ste</sup> semester</b>	<b>32</b>	<b>Totaal 1<sup>ste</sup> semester</b>	<b>32</b>
Jaar 1		Jaar 2	
Tweede semester		Tweede semester	
Modulekode	Kr	Modulekode	Kr
WISO 621	16	WISO 622	16
LEON 621	16	LEON 624	8
		NAVR 621	8
<b>Totaal 2<sup>de</sup> semester</b>	<b>32</b>	<b>Totaal 2<sup>de</sup> semester</b>	<b>32</b>
<b>Totaal Jaar 1</b>	<b>64</b>	<b>Totaal Jaar 2</b>	<b>64</b>

### **OP.2.1            Modulelys**

Die lys van modules waaruit die onderskeie kurrikula saamgestel is met die kredietwaardes daarvan, word in die tabel hieronder weergegee.

- Die eise ten opsigte van veronderstelde leer vir NAVR 621 word in die 3<sup>de</sup> kolom aangedui.
- Om tot NAVR 621 toegelaat te word, word 'n modulepunt van ten minste 50% in NAVR 611 vereis of 'n deelnamepunt van ten minste 45%.

- NAVR 621 moet voltooi word in een van die kernmodules van 'n kurrikulum.

Modulekode	Beskrywende naam	Voorvereistes	Krediete
<b>FUNDAMENTELE MODULES</b>			
NAVR 611	Opvoedkundige Navorsing		16
NAVR 621	Aksienavorsing	NAVR 611 50% of 45% deelnamepunt	8
LEON 611	Leerperspektiewe		8
LEON 612	Onderigperspektiewe		8
LEON 613	Die UGO-kurrikulum		8
ONWB 611	Onderwysorganisasies		8
<b>KERNMODULES</b>			
LEON 614	Klaskamerkommunikasie		16
LEON 621	Strategiese Leer en Motivering		16
LEON 622	Strategiese Onderrig		16
LEON 623	Kurrikulumontwikkeling		16
LEON 624	Assessering van Leer		8
ONWB 621	Onderwysbestuurstake		16
ONWB 622	Finansiële Bestuur		8
ONWB 623	Menslike Hulpbronbestuur: Arbeidsreg		8
ONWR 621	Inleiding tot die Onderwysreg		8
ONWR 622	Uitleg van Wette		8
OPSK 612	Leerders met Spesiale Behoeftes A		16
OPSK 613	Gesondheidsbevordering en Organisasieontwikkeling		16
OPSK 624	Skoolvoorligting		8
OPSK 625	Leerders met Spesiale Behoeftes B		8
VGLO 612	Onderwysstelsels		16
WISO 611	Wiskunde-Onderwys in Perspektief		16
WISO 621	Wiskunde-Onderwys: Teorie en Praktyk		16
WISO 622	Die Wiskunde-Leerareakurrikulum		16
<b>KEUSEMODULES</b>			
ONWR 623	Menseregte in die Onderwys		8
VGLO 621	Verbesondering van Onderwysstelsels		8

## OP.2.2 MODULE UITKOMSTE (NKR-VLAK 7 OAL)

### FUNDAMENTELE MODULES

Modulekode: NAVR 611	Semester 1	16 Krediete	NKR-Vlak: 7
<b>Titel:</b> Opvoedkundige Navorsing			
<b>Module-uitkomste:</b>			
Na voltooiing van hierdie module behoort studente:			
<ul style="list-style-type: none"><li>• 'n basiese kennis en verstaan van opvoedkundige navorsing te demonstreer deur vaardigheid in die gebruik van inligtingstegnologie (w.o. die internet) om inligting te ontsluit;</li><li>• 'n literatuuroorsig/-studie te skryf;</li><li>• tussen die aard en kenmerke van kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodes te onderskei;</li><li>• Navorsingsprobleme te kan identifiseer en op grond van sodanige kennis 'n navorsingsvoorlegging te kan skryf.</li></ul>			
<b>Metode van aflewing:</b> OAL			
<b>Assesseringsmetodes:</b> Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			
Modulekode: NAVR 621	Semester 2	8 Krediete	NKR-Vlak: 7
<b>Titel:</b> Aksienavorsing			
<b>Module-uitkomste:</b>			
Na voltooiing van hierdie module behoort studente:			
<ul style="list-style-type: none"><li>• in die <b>professionele fokus</b> op grond van die kennis van die verskillende aspekte van navorsing en die vaardighede wat met die module <b>NAVR 611</b> ontwikkel het 'n praktiese navorsingsopdrag van beperkte omvang uit te voer en 'n navorsingsverslag in die vorm van 'n tydskrifartikel te skryf.</li></ul>			
<b>Metode van aflewing:</b> OAL			
<b>Assesseringsmetodes:</b> Praktiese navorsings opdrag 100%			
Modulekode: LEON 611	Semester 1	8 Krediete	NKR-Vlak: 7
<b>Titel:</b> Leerperspektiewe			
<b>Module-uitkomste:</b>			
Na voltooiing van hierdie module behoort die studente:			
<ul style="list-style-type: none"><li>• 'n kritiese verstaan van die behavioristiese, inligtingsverwerking, en konstruktivisiese beskouinge van leer te demonstreer deur elkeen van hierdie beskouinge vanuit 'n skrifmatige en fundamentele perspektief te evalueer;</li><li>• leer vanuit elke beskouinge te definieer;</li><li>• die positiewe en negatiewe implikasies van elke beskouing vir effektiewe leer en die veranderlikes wat volgens elke beskouing effektiewe leer beïnvloed te identifiseer en 'n program te ontwikkel wat leerders in staat sal stel om effektiever te leer.</li></ul>			
<b>Metode van aflewing:</b> OAL			

<b>Assesseringsmetodes:</b> Deurlopende assessering 50 %
Skriftelike eksamen 50 %

<b>Modulekode:</b> LEON 612	<b>Semester 1</b>	<b>8 Krediete</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b>
<b>Titel:</b> Onderrigperspektiewe			
<b>Module-uitkomste:</b>			
Na voltooiing van hierdie module behoort die studente:			
<ul style="list-style-type: none"> <li>• basiese kennis en 'n kritiese ingesteldheid ten opsigte van die proses-produk- en die ontologiese-kontekstuele onderigbeskouings te demonstreer, begronding, verduideliking en evalueering van genoemde onderigbeskouings vanuit 'n christelike en ander perspektiewe, asook die implikasies daarvan vir onderig-leer in verskillende kontekste te bepaal;</li> <li>• Te verduidelik en te motiveer asook basiese kennis en vaardigheid ten opsigte van die keuse, toepassing en evalueering direkte en indirekte onderigbenaderings in spesifieke leerareas en -kontekste.</li> </ul>			
<b>Metode van aflewing:</b> OAL			
<b>Assesseringsmetodes:</b> Deurlopende assessering 50 %			
Skriftelike eksamen 50 %			
<b>Modulekode:</b> LEON 613	<b>Semester 1</b>	<b>8 Krediete</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b>
<b>Titel:</b> Die UGO-kurrikulum			
<b>Module-uitkomste:</b>			
Na voltooiing van hierdie module sal studente bewys lewer:			
<ul style="list-style-type: none"> <li>• van begrip van: die basiese beginsels van die kurrikulumbesluite geneem word; die uitkomsgebaseerde onderwysbenadering (UGO) die debat rondom bekwaamhede versus prestasie, en die voorgeskrewe inhoud en vaardighede in die nationale kurrikulum.</li> <li>• Die leerder sal in staat wees om die voorgeskrewe onderig- en leerprogramme vir die bepaalde leersituasie (skool/klas) aan te pas en dit te implementeer.</li> </ul>			
<b>Metode van aflewing:</b> OAL			
<b>Assesseringsmetodes:</b> Deurlopende assessering 50 %			
Skriftelike eksamen 50 %			
<b>Modulekode:</b> ONWB 611	<b>Semester 1</b>	<b>8 Krediete</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b>
<b>Titel:</b> Onderwysorganisasies			
<b>Module-uitkomste:</b>			
Na voltooiing van hierdie module moet studente:			
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Basiese kennis bekom en kan toepas in die beginsels wat 'n onderwysorganisasie ten grondslag lê (die struktuur en funktionering daarvan);</li> <li>• Moet onderwysorganisasies krities kan analiseer en 'n verbintenis openbaar met die waardes en praktyke binne die onderwysorganisasie- en spesifiek die eie skool/werksplek.</li> <li>• Leerders moet kennis en insig in die ekologie(organisasieskultuur en klimaat) van die onderwysorganisasie asook die wyses waarop organisasieontwikkeling plaasvind moet kan demonstreer;</li> <li>• 'n kritiese analyse kan maak wat die effek van die voorafgaande op die onderrigleerhandelinge (die gebeure in die klaskamer) kan hê.</li> </ul>			

**Metode van aflewering:** OAL

**Assesseringsmetodes:** Deurlopende assessering 50 %

Skriftelike eksamen 50 %

## KERNMODULES

Modulekode: LEON 614	Semester 1	16 Krediete	NKR-Vlak: 7
<b>Titel:</b> Klaskamerkommunikasie			
<b>Module-uitkomste:</b>			
Na voltooiing van hierdie module behoort die studente:			
<ul style="list-style-type: none"><li>• 'n grondige kennis en praktiese vaardigheid ten opsigte van 'n klaskamerkommunikasiemodel te demonstreer ten einde die klaskamerkommunikasievaardighede wat effektiewe onderrig en leer bevorder aan die hand daarvan te klasifiseer, asook die klaskamerpraktyk te ontleed en te evaluar, kennis en praktiese vaardighede ten opsigte van onderigstyle ten einde te kan ontleed en te evaluar, asook ten opsigte van kommunikasievrees ten einde dit te meet, te kan ontleed en maatreëls vir die voorkoming en/of oorkoming daarvan saam te stel, grondige kennis en praktiese vaardighede ten opsigte van klasklimaat ten einde dit te meet, te ontleed en maatreëls te verbetering van klaklimaat daar te stel, asook ten opsigte van klasdissipline en-orde ten einde probleemsituasies te ontleed en maatreëls te oplossing daar te stel.</li></ul>			
<b>Metode van aflewing:</b> OAL			
<b>Assesseringsmetodes:</b> Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			
Modulekode: LEON 621	Semester 2	16 Krediete	NKR-Vlak: 7
<b>Titel:</b> Strategiese leer en motivering			
<b>Module-uitkomste:</b>			
Na voltooiing van hierdie module behoort die studente:			
<ul style="list-style-type: none"><li>• 'n kritiese verstaan van effektiewe leer te kan demonstreer soos gesien vanuit 'n sosiaal-kognitiewe, konstruktivistiese en selfgereguleerde beskouing van leer om elkeen van hierdie perspektiewe vanuit 'n skrifmatige en fundamentele perspektief te evaluar;</li><li>• Kennis (byvoorbeeld van die self as leerder, voorkennis, epistemologiese oortuigings), doelwitte, en die leertaak, metakognisie en leerstrategieë as veranderlikes wat leer beïnvloed te ontleed;</li><li>• Die verband tussen motivering en leer te ontleed, met besonderse belkemtoning van die attribusie- en doelwitteteorieë en selfdoeltreffendheid om 'n program te ontwikkel wat leerders se leervermoë en motivering om te leer sal verbeter.</li></ul>			
<b>Metode van aflewing:</b> OAL			
<b>Assesseringsmetodes:</b> Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			
Modulekode: LEON 622	Semester 2	16 Krediete	NKR-Vlak: 7
<b>Titel:</b> Strategiese Onderig			
<b>Module-uitkomste:</b>			
Na voltooiing van hierdie module behoort die studente:			
<ul style="list-style-type: none"><li>• 'n gespesialiseerde en refleksieve kennis, praktiese vaardigheid, kritiese ingesteldheid en waarde ten opsigte van die kenmerke van doeltreffende onderig, en kontemporäre behaviouristies- en konstruktivisties-gbaseerde onderrigbenaderings te demonstreer, asook verduideliking, motivering, ondersoek en evaluering van genoemde benaderings; bepaling en kritiese beoordeling van</li></ul>			

<p>die implikasies hiervan vir onderrig-leer in spesifieke leerareas en -kontekste en gespesialiseerde kennis en praktiese vaardighede ten opsigte van die keuse, gebruik en evaluering van direkte en indirekte onderrigmodelle, wo. Probleemgesentreerde onderrig-leer, asook van die doeltreffende onderrig-leermedia en -tegnologieë in verskillende kontekste.</p>			
<b>Metode van aflewering:</b> OAL			
<b>Assesseringsmetodes:</b> Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			
<b>Modulekode:</b> LEON 623	<b>Semester 2</b>	<b>16 Krediete</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 7
<b>Titel:</b> Kurrikulumontwikkeling			
<b>Module-uitkomste:</b> <p>Na voltooiing van hierdie module sal studente bewys lewer van begrip van:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>verskillende benaderings tot kurrikulum- en program ontwikkeling; die sosiologiese, filosofiese, sielkundige, historiese, politieke en ekonomiese invloede op onderwys ontwikkelende gemeenskappe; die invloed van taal- en kultuurverskille op leerprogramme; deelname aan kurrikuleering op die makro- en meso- en mikrovvlak.</li> <li>Instaat wees om bestaande programme te vertolk en aan te pas en om oorspronklike leerprogramme te ontwikkel.</li> </ul>			
<b>Metode van aflewering:</b> OAL			
<b>Assesseringsmetodes:</b> Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			
<b>Modulekode:</b> LEON 624	<b>Semester 2</b>	<b>8 Krediete</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 7
<b>Titel:</b> Assesseering van Leer			
<b>Module-uitkomste:</b> <p>Na voltooiing van hierdie module behoort studente:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>'n gespesialiseerde kennis en praktiese vaardigheid ten opsigte van die assessering van onderrig-leersituasies, -prestasie en -media, asook ten opsigte van die keuse, motivering ondersoek en evaluering van toepaslike assesseringswyses in spesifieke leerareas en -kontekste te demonstreer, asook beplanning, implementering, ondersoek en evaluering van 'n doeltreffende geïntegreerde assesseringsplan as deel van 'n onderlig-leerprogram in spesifieke leerareas en -kontekste.</li> </ul>			
<b>Metode van aflewering:</b> OAL			
<b>Assesseringsmetodes:</b> Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			
<b>Modulekode:</b> ONWB 621	<b>Semester 2</b>	<b>16 Krediete</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 7
<b>Titel:</b> Onderwysbestuurstake			
<b>Module-uitkomste:</b> <p>Na voltooiing van hierdie module moet studente:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>'n indiepte kennis en insig van Onderwysbestuur as wetenskapsveld openbaar en hoe dit die basis vorm vir effektiewe besturspraktyk in die skool;</li> <li>die geïdentifiseerde onderwysbestuurbeginsels moet ook toegepas kan word ten einde 'n effektiewe onderwysbestuurpraktyk te kan verseker.</li> <li>Onderwysbestuurbeginsels kan gebruik en toepas ten einde 'n eie en effektiewe</li> </ul>			

bestuurstyl te ontwikkel en te kan toepas.			
<b>Metode van aflewing:</b> OAL			
<b>Assesseringsmetodes:</b> Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			
<b>Modulekode:</b> ONWB 622	<b>Semester 2</b>	<b>8 Krediete</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 7
<b>Titel:</b> Finansiële Bestuur			
<b>Module-uitkomste:</b>			
Na voltooiing van hierdie module behoort studente in staat te wees:			
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Om die areas in Onderwysbestuur wat met finansiële bestuur te doen het, toe te pas en uit te brei ten einde die praktykimplikasies te ontleed.</li> <li>• Moet die teorie oor die begroting en finansiering van skole op 'n praktiese wyse kan toepas.</li> <li>• Die implikasie van geselekteerde beleidsdokumente en wette vir die finansiering van skole begryp.</li> </ul>			
<b>Metode van aflewing:</b> OAL			
<b>Assesseringsmetodes:</b> Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			
<b>Modulekode:</b> ONWB 623	<b>Semester 2</b>	<b>8 Krediete</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 7
<b>Titel:</b> Menslike Hulpbronbestuur: Arbeidsreg			
<b>Module-uitkomste:</b>			
Na voltooiing van hierdie module behoort studente in staat te wees:			
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Om die rol van die Suid-Afrikaanse Raad vir Onderwysers, die bepalings van kontrakte sowel as individuele en kollektiewe arbeidsvehoudinge in die onderwys krities te beskryf, analiseer en toe te pas om sodoende toepaslike vaardighede te bekom oorlik, regmatig en prosedreel korrek teenoor die betrokkenes in die praktyk op te tree.</li> </ul>			
<b>Metode van aflewing:</b> OAL			
<b>Assesseringsmetodes:</b> Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			
<b>Modulekode:</b> ONWR 621	<b>Semester 2</b>	<b>8 Krediete</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 7
<b>Titel:</b> Inleiding tot die Onderwysreg			
<b>Module-uitkomste:</b>			
Na voltooiing van hierdie module behoort studente in staat te wees:			
<ul style="list-style-type: none"> <li>bewys te kan lewer van diepgaande kennis en insig in die teoretiese fundering van taalkreatiwiteit en in staat te wees om praktiese vaardigheid ten opsigte van die toepassing daarvan in die onderrig van Afrikaans te demonstreer;</li> <li>die konstruktivistiese fundering van die UGO-onderrigbenadering aan die hand van 'n oorsigtelike literatuurstudie te kan beoordeel en die implikasies daarvan vir die onderrig van verskillende fasette van Afrikaans te kan identifiseer en te kan implementeer;</li> <li>die NKV met 'n gevorderde vlak van vaardigheid en selfstandigheid te kan ontsluit en implementeer vir die ontwikkeling van 'n tematies georganiseerde en geïntegreerde lesreeks waarin daar van 'n verskeidenheid gepaste onderrig- en assessoringsmetodes gebruik gemaak word;</li> <li>die beginsel vir effektiewe gebruik van tegnologie en multimedia (veral die ten opsigte van MS Word-pakkette) te kan implementeer vir die ondersteuning van leer en onderrig;</li> <li>bewys te kan lewer van diepgaande kennis en gevorderde vaardigheid ten opsigte van assessoringspraktyke in skole, teorieë oor assessorering, departemente dokumente oor assessorering en die samestelling van assessoringsplanne vir bepaalde grade en fases.</li> </ul>			
<b>Metode van aflewing:</b> Deeltyds / Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b> Deurlopende assessoring 50 % Skriftelike eksamen 50 %			
<b>Modulekode:</b> TOAF 671	<b>Semester 1 &amp; 2</b>	<b>24 Krediete</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b>
<b>Titel:</b> Fundamentele boustene van lees, letterkunde onderrig en lees vir taalverwerwing			
<b>Module-uitkomste:</b>			
Na voltooiing van hierdie module behoort die student			
<ul style="list-style-type: none"> <li>bewys te kan lewer van gespesialiseerde kennis van en ekspertise ten opsigte van teorieë oor en beginsels van lees en ten opsigte van bewysebaseerde navorsing oor die fundamentele kognitiewe elemente van lees en van leesonderrigpraktyke, sowel as van veranderlikes wat leesprestasie affekteer; in staat te wees om die analise, interpretasie en evaluering van films op so 'n wyse in die skoolsituasie te kan faciliteer dat dit tot verruiming van die visuele ervaringswêreld van leerders lei;</li> <li>'n analise van die kreatiewe onderrigmoontlikhede van interaktiewe, lesgerigte teksbenaderings te kan doen om die waarde daarvan in terme van die ontwikkeling van hoërordre kognitiwiese en emosionele vaardighede by leerders te benut</li> <li>bewys te kan lewer van diepgaande kennis omtrent die teoretiese onderbou van lesgerigte teksbenaderings ten einde onderrigstrategieë te kan ontwerp met behulp waarvan die kwynende leesbelangstelling onder leerders teengewerk kan word en 'n liefde vir Afrikaanse literêre tekste gekweek kan word.</li> <li>bewys te kan lewer van 'n sensitiewe instelling teenoor die diverse gemeenskappe in Suid-Afrika en vir die belangrikheid daarvan vir effektiewe kommunikasie binne die leerarea Taal,</li> <li>relevante teorieë oor die aanleer van 'n vreemde taal te kan analiseer en te vergelyk met moedertaalteorieë, literêre tekste te kan gebruik om onderrigmateriaal te ontwerp word en dit aan leerders te kan ontsluit deur gebruikmaking van verskillende gepaste metodes en strategieë vir die onderrig van 'n addisionele taal.</li> </ul>			
<b>Metode van aflewing:</b> Deeltyds / Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b> Deurlopende assessoring 50 % Skriftelike eksamen 50 %			
<b>Modulekode:</b> TECE 611	<b>Semester 1</b>	<b>16 Krediete</b>	<b>NKR-vlak: 8</b>
<b>Titel:</b> Perspektiewe in Tegnologie-Onderwys			
<b>Module-uitkomste:</b>			
Na voltooiing van die module behoort die studente oor 'n kritiese begrip en werkbare kennis te beskik van:			
<ul style="list-style-type: none"> <li>internasionale (globale) en nasionale neigings in Tegnologie-Onderwys</li> <li>internasionaal en nasionaal aanvaarde pedagogiese benaderings in Tegnologie-Onderwys</li> <li>Internasionale en nasionale neigings wat betref die ontwerpproses, insluitend die rol van kreatiwiteit, innovasie en die verskillende perspektiewe van inheemse tegnologie (met inagneming van inheemse kennisstelsels).</li> </ul>			
<b>Metode van aflewing:</b> Deeltyds / Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b> Deurlopende assessoring 50 % Skriftelike eksamen 50 %			

<b>Modulekode:</b> TECE 621	<b>Semester 2</b>	<b>16 Krediete</b>	<b>NKR-vlak:</b> 8
<b>Titel:</b> Grondslag van Tegnologie-Onderwys			
<b>Module-uitkomste:</b> Studente moet kan demonstreer dat hulle 'n kritiese begrip en werkskennis verkry het oor: <ul style="list-style-type: none"> <li>• die filosofie van Tegnologie-Onderwys</li> <li>• die historiese ontwikkeling van Tegnologie-Onderwys</li> <li>• die verband tussen tegnologie en wetenskap, en</li> <li>• die epistemologiese en metodologiese benadering tot tegnologie beide as 'n proses en 'n artefak</li> </ul>			
<b>Metode van aflewing:</b> Deeltjds / Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b> Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			
<b>Modulekode:</b> TECE 622	<b>Semester 2</b>	<b>16 Credits</b>	<b>NKR-vlak:</b> 8
<b>Titel:</b> Onderrig en Leer in Tegnologie-Onderwys			
<b>Module-uitkomste:</b> Studente demonstreer dat hulle 'n kritiese begrip en omvattende werkskennis verkry het van <ul style="list-style-type: none"> <li>• die onderrig en leer van tegnologie as 'n probleemgebaseerde akademiese vak met 'n praktiese benadering (insluitend meegaande vaardighede).</li> <li>• probleemgebaseerde onderrig en leer deur dit te kan analiseer, evaluateer en toepas</li> <li>• die ontwikkeling van pedagogiese inhoudkennis deur dit te kan analiseer, evaluateer en toepas</li> <li>• die assessmentsbenaderings in Tegnologie-Onderwys, deur assessering te kan analyseer, evaluateer en toepas, asook deur die kreatiewe en effektiewe integrasie van media in die klaskamer.</li> </ul>			
<b>Metode van aflewing:</b> Deeltjds / Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b> Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			
<b>Modulekode:</b> TLAS 612	<b>Semester 1</b>	<b>16 Krediete</b>	<b>NKF-Vlak:</b> 8
<b>Titel:</b> Onderrig, Leer en Assessering			
<b>Module-uitkomste:</b> Na voltooiing van die module behoort studente te beskik oor: <ul style="list-style-type: none"> <li>• gespesialiseerde kennis van en uitnemendheid in onderrig- en leerteorië tersake by die Suid-Afrikaanse en Internasionale onderrig- en leerkonteks;</li> <li>• 'n fundamentele begrip van die teoretiese grondslae van assessering en hoe dit verand hou met en impakteer op gesonde assesseringspraktyke;</li> <li>• die kennis en vaardighede om suksesvolle klaskamerassessering te beplan en te implementeer.</li> </ul>			
<b>Metode van aflewing:</b> Voltyds / Deeltjds / OAL			
<b>Assesseringsmetodes:</b> Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			
<b>Modulekode:</b> TSCU 621	<b>Semester 2</b>	<b>16 Krediete</b>	<b>NKR-vlak:</b> 8
<b>Titel:</b> Die skoolkurrikulum			
<b>Module-uitkomste:</b> Na voltooiing van hierdie module, behoort die student toegerus te wees : <ul style="list-style-type: none"> <li>• Met 'n sistematiese en in-diepte kennis van die skoolkurrikulum;</li> <li>• Om die Suid-Afrikaanse onderwystelsel in die algemeen en die skoolkurrikulum in die besonder kritis te ontleed;</li> <li>• met die vaardighede om teorie en praktyk in die klaskamersituasie te kan verbind;</li> <li>• om 'n begrip van UGO en die relevansie daarvan in die skoolkurrikulum te kan demonstreer</li> </ul>			
<b>Metode van aflewing:</b> Voltyds / Deeltjds / OAL			
<b>Assesseringsmetodes:</b> Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			
<b>Modulekode:</b> VGLO 624	<b>Semester 2</b>	<b>16 Krediete</b>	<b>NKR-vlak:</b> 8
<b>Titel:</b> Onderwysstelsels: Struktuur en Funksies			
<b>Module-uitkomste:</b> Na voltooiing van hierdie module, behoort studente te kan demonstreer dat hulle die volgende verwerf het: <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n begrip van die oorsprong, ontwikkeling, aard en doelstellings van Vergelykende Opvoedkunde</li> <li>• die vermoë om verskillende onderwysstelsels met mekaar te kan vergelyk</li> <li>• die vermoë om 'n ondrwykswessie vanuit 'n vergelykende perspektief te belig.</li> </ul>			
<b>Metode van aflewing:</b> Voltyds / Deeltjds / OAL			

## KEUSEMODULES

Modulekode:CSIE 611	Semester 1	16 Krediete	NKR-Vlak: 8
<b>Titel:</b> Grondslae van Inligtingstegnologie-Onderwys			
<b>Module-uitkomste:</b>			
Na voltooiing van hierdie module behoort die studente toegerus te wees met:			
<ul style="list-style-type: none"> <li>• kennis en vaardigheid, wat hulle in staat sal stel om te demonstreer dat hulle oor grondige kennis van die huidige navorsing in die veld van IT-onderwys, plaaslik en internasionaal, beskik;</li> <li>• die vermoë om toepaslike navorsingsmetodes in hierdie studieveld toe te pas;</li> <li>• omvattende kennis van die huidige stand van IT-onderwys op sekondêre vlak wêreldwyd;</li> <li>• kennis en vaardighede wat hulle in staat sal stel om die determinante wat nodig is vir onderrig en ontwikkeling van die vak krities te evaluer;</li> <li>• 'n grondige begrip van die ontwikkeling van kooperatiewe en meewerkende leeromgewings as basis vir die bevordering van kenniskonstruksie in die IT-klas;</li> <li>• grondige kennis en vaardighede in die bemagtiging en ondersteuning van IT-leerders in terme van die basiese beginsels van IT as kennisveld.</li> </ul>			
<b>Metode van aflewing:</b> Votlyds / Deeltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b> Deurlopende assessering 50 %			
Skriftelike eksamen 50 %			
Modulekode:CSIE 612	Semester 1	16 Krediete	NKR-Vlak: 8
<b>Titel:</b> Grondslae van Rekenaartoepassingstegnologie-Onderwys			
<b>Module-uitkomste:</b>			
Na voltooiing van hierdie module behoort die studente toegerus te wees met:			
<ul style="list-style-type: none"> <li>• diepgaande kennis van huidige navoring in RTT, plaaslik en internasionaal;</li> <li>• kennis en vaardighede om toepaslike navorsingsmetodes in hierdie studieveld toe te pas;</li> <li>• grondige kennis van die huidige stand van RTT op sekondêre onderwysvlak en wêreldwyd;</li> <li>• kennis en vaardighede wat hulle in staat sal stel om die determinante wat noodsaklik is vir die onderrig van en die ontwikkeling van die vak krities te evaluer;</li> <li>• grondige kennis en vaardighede in die bemagtiging en ondersteuning van RTT-leerders in terme van die basiese beginsels van RTT as vakdissipline.</li> </ul>			
<b>Metode van aflewing:</b> Votlyds / Deeltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b> Deurlopende assessering 50 %			
Skriftelike eksamen 50 %			
Modulekode: CSIE 625	Semester 2	16 Krediete	NKR-Vlak: 8
<b>Titel:</b> Inligtingstegnologie: kennis vir die onderwys			
<b>Module-uitkomste:</b>			
Na voltooiing van hierdie module behoort die studente toegerus te wees:			
<ul style="list-style-type: none"> <li>• met omvattende kennis en praktiese vaardighede in die ontwerp en implementering van gevorderde objekgeoriënteerde programmeerbeginsels;</li> <li>• met grondige kennis en vaardighede om die kompilatingsproses van programme te demonstreer, met verwysing na geheue-allokering en fouthantering;</li> <li>• om grondige kennis en vaardighede met betrekking tot netwerktegnologieë en –securiteit, bedryfstelsels en projekbestuur te demonstreer</li> </ul>			
<b>Metode van aflewing:</b> Votlyds / Deeltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b> Deurlopende assessering 50 %			
Skriftelike eksamen 50 %			
Modulekode: CSIE 626	Semester 2	16 Krediete	NKR-Vlak: 8
<b>Titel:</b> Rekenaartoepassingstegnologie: kennis vir die onderwys			
<b>Module-uitkomste:</b>			
Na voltooiing van hierdie module behoort die studente toegerus te wees:			
<ul style="list-style-type: none"> <li>• met grondige kennis van die praktiese inhoud van RTT op sekondêre vlak;</li> <li>• met praktiese vaardighede in die ontwerp en gevorderde integrering van verskillende toepassingspakette;</li> <li>• om grondige kennis en vaardighede in projek- en inligtingsbestuur te demonstreer.</li> </ul>			
<b>Metode van aflewing:</b> Votlyds / Deeltyds			

<b>Assesseringsmetodes:</b> Deurlopende assessering 50 %	Skriftelike eksamen 50 %		
<b>Modulekode:</b> ELE 611	Semester 1	8 Krediete	NKR-Vlak: 8
<b>Titel:</b> E-leer			
<b>Module-uitkomste:</b>			
Na voltooiing van die module behoort studente toegerus te wees met:			
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n breë begrip van opvoedkundige leerteorieë wat e-leer onderlê</li> <li>• 'n breë begrip van e-leerkonsepte, -beginsels en -tipes wat in onderwys gebruik word</li> <li>• die vermoë om e-leer tegnologie te onderskei volgens hul kontekste vir besluitneming in onderwys</li> <li>• die vermoë om aanlyn-kursusse te ontwikkel en te bestuur</li> <li>• die vermoë om e-leerstrategieë in samehang met hul onderwyssituasies te ontwikkel</li> <li>• die vermoë om e-aktiwiteite te ontwikkel en in stand te hou</li> <li>• die vermoë om aanlyn-assessering en -moderering uit te voer</li> <li>• die vermoë om 'n virtuele aanlyn-leergroep te ontwerp, in stand te hou en fasiliteer.</li> </ul>			
<b>Metode van aflewing:</b> Voltyds / Deeltyds / OAL			
<b>Assesseringsmetodes:</b> Deurlopende assessering 50 %	Skriftelike eksamen 50 %		
<b>Modulekode:</b> HIST 623	Semester 2	24 Krediete	NKR-vlak:8
<b>Titel:</b> Suid-Afrikaanse Geskiedenis: 'n geselekteerde tema			
<b>Module-uitkomste:</b>			
Sien kalender van die Fakulteit vir Lettere en Wysbegeerte			
<b>Metode van aflewing:</b> Voltyds / Deeltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b> Deurlopende assessering 50 %	Skriftelike eksamen 50 %		
<b>Modulekode:</b> HIST 624	Semester 2	24 Krediete	NKR-vlak:8
<b>Titel:</b> Afrika Geskiedenis: 'n geselekteerde tema			
<b>Module-uitkomste:</b>			
Sien kalender van die Fakulteit vir Lettere en Wysbegeerte			
<b>Metode van aflewing:</b> Voltyds / Deeltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b> Deurlopende assessering 50 %	Skriftelike eksamen 50 %		
<b>Modulekode:</b> HIST 625	Semester 2	24 Krediete	NKR-vlak:8
<b>Titel:</b> Wêreld Geskiedenis: 'n geselekteerde tema			
<b>Module-uitkomste:</b>			
Sien kalender van die Fakulteit vir Lettere en Wysbegeerte			
<b>Metode van aflewing:</b> Voltyds / Deeltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b> Deurlopende assessering 50 %	Skriftelike eksamen 50 %		
<b>Modulekode:</b> ONWB 624	Semester 2	16 Krediete	NKR-vlak: 8
<b>Titel:</b> Menslike Hulpbronbestuur en Ontwikkeling in Opvoedkunde			
<b>Module-uitkomste:</b>			
Na voltooiing van hierdie module, behoort studente te kan demonstreer dat hulle die volgende verwerf het:			
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n omvattende en sistematiese kennis van die hoofteorië, benaderings, konsepte, kontemporêre kwessies, doelstellings, geskiedenis en uitdagings ten opsigte van menslike hulpbronontwikkeling in die werkplek</li> <li>• die vermoë om geselekteerde beleide, wette en beginsels ten opsigte van menslike hulpbronbestuur te kan interpreteer en te kan bestuur</li> <li>• die vermoë om prosesse van hulpbronverwrig, evaluering en toewysing in die werkplek te verstaan</li> <li>• kennis van volgehoue professionele ontwikkeling ten einde programme, gemik op die ontwikkeling van talent onder werkers te ontwerp, analiseer en toe te pas</li> <li>• die vermoë om loopbaanbestuuursbeginnels en -modelle te kan interpreteer en toe te pas</li> <li>• die vermoë om kennis van menslike hulpbronontwikkeling toe te pas ten einde prestasie in die werkplek te verhoog en ten einde werknekmers die geleenthed te bied om hulself te ontwikkel</li> </ul>			
<b>Metode van aflewing:</b> Voltyds / Deeltyds / OAL			
<b>Assesseringsmetodes:</b> Deurlopende assessering 50 %	Skriftelike eksamen 50 %		
<b>Modulekode:</b> ONWB 625	Semester 2	16 Krediete	NKR-vlak: 8
<b>Titel:</b> Finansiële Skoolbestuur			
<b>Module-uitkomst:</b>			

Na voltooiing van hierdie module, behoort studente te kan demonstreer dat hulle die volgende verwerf het:

- 'n begrip van die aard en die kompleksiteit van die samehang tussen die ekonomiese en politieke aspekte en die finansiering van skole
- die vermoë om onderwysbestuursareas toe te pas met betrekking tot finansiering ten einde die praktykimplikasies daarvan te analiseer
- die vermoë om die teorie van begroting en finansiering op 'n praktiese wyse toe te pas
- 'n diepere begrip van die implikasies van geselekteerde beleidsdokumente en wette vir die finansiering van skole.

**Metode van aflewing:** Voltyds / Deeltyds / OAL

**Assesseringsmetodes:** Deurlopende assessering 50 %

Skriftelike eksamen 50 %

**Modulekode:** ONWR 624

**Semester 2**

**16 Krediete**

**NKR-vlak:** 8

**Titel:** Arbeidsreg en Skoolbeheer

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van hierdie module, moet studente kan aantoon dat hulle die volgende bemeester het:

- voldoende praktiese aanwendbare kennis van die toepaslike arbeidswetgewing vir onderwys;
- teoretiese en konseptuele kennis van grondwetlike en ander wetlike bepaling wat die regte en verpligte van opvoeders as werkneemers reguleer;
- die vermoë omregsbeginnels met betrekking tot die regte en verpligte van werkneemers en werkgewers in die onderwyspraktyk te beskryf, analiseer en toe te pas;
- teoretiese en konseptuele kennis van die onderliggende beginnels van die gemene reg en regsprak wat verband hou met die substantiewe kwessies van arbeidsreg in die onderwys;
- die vermoë om te onderskei tussen arbeidswetgewing wat betrekking het op opvoeders by onderskeidelik openbare skole en onafhanklike skole;
- teoretiese en konseptuele kennis van konsepte soos onbillike arbeidspraktyk, substantiewe en prosedurele billikhed, asook die neem van korrekte, ingeligte en billike besluite in situasies wat met arbeidsverhoudinge verband hou;
- teoretiese en konseptuele kennis met betrekking tot kollektiewe arbeidsverhoudinge in die onderwys;
- teoretiese en konseptuele kennis met betrekking tot die regte en verpligte van lede van die beheerliggame van openbare skole;
- 'n indringende begrip van die rolle en funksies van skoolbeheerliggame;
- teoretiese en konseptuele kennis van die kenmerke van korrekte dissiplinêre prosedures, asook die vermoë om die prosedures toe te pas in gevalle van leerders wat hulself skuldig maak aan ernstige wangedrag.

**Metode van aflewing:** Voltyds / Deeltyds / OAL

**Assesseringsmetodes:** Deurlopende assessering 50 %

Skriftelike eksamen 50 %

**Modulekode:** ONWR 625

**Semester 2**

**16 Krediete**

**NKR-vlak:** 8

**Titel:** Menseregte en Demokrasie in die Onderwys

**Module-uitkomste:**

Na afhandeling van die module behoort die student die volgende te demonstreer:

- 'n teoretiese en konseptuele kennis van onderwysregtelike determinante in die Grondwet van Suid-Afrika;
- 'n teoretiese- en konseptuele kennis van die grondwetlike en statutêre bepaling van demokrasie in die Onderwys toon;
- die vermoë om te onderskei tussen en die beduidenis te evaluateer van onderskeie modelle van demokrasie ten opsigte van die onderwys;
- die vermoë om grondwetlike regte ten opsigte van onderwyspraktyk te ontleed, te interpreteer en toe te pas;
- die vermoë om te onderskei tussen die wyses waarop fundamentele regte beperk mag word;
- 'n diepgaande begrip van demokratiese skoolbeheer, desentralisasie, devolusie en delegasie van gesag toon;
- die vermoë om kennis met betrekking tot verskillende grondwetlike regte in gevallestudies toe te pas;
- die vermoë om op 'n grondwetlik gefundeerde wyse as onderwyser of onderwysbestuurder op te tree;
- 'n diepgaande begrip van regsprak toon en die vermoë toon om regsprak oor die Grondwet en onderwyspraktyk te ontleed en toe te pas;
- die vermoë toon om ongrondwetlike- en ondemokratiese verskynsels en praktyke in verskeie onderwyssituasies te ontleen en te kritiseer

**Metode van aflewing:** Voltyds / Deeltyds / OAL

**Assesseringsmetodes:** Deurlopende assessering 50 %

Skriftelike eksamen 50 %

**Modulekode:** SLAD 621

**Semester 2**

**8 Krediete**

**NKR-vlak:** 8

**Titel:** Strategiese leer en ontwikkeling

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van hierdie module behoort studente te demonstreer dat hulle die volgende bemeester het:

- Gespesialiseerde kennis van en vaardigheid in resultaatgebaseerde navorsing oor die basiese kognitiewe en affektiewe komponente van akademiese lees, skryf en kritiese denke relevant tot die vakinhoude op alle vlakke van opvoeding, en tot huidige navorsingsdokumentasie, -onderrigpraktyke, -raamwerke en -modelle;
- gespesialiseerde kennis van die veranderlikes wat effektiewe strategiese leer en die ontwikkeling van effektiewe akademiese ondersteuning beïnvloed.

**Metode van aflewering:** Deeltyds / Voltyds / OAL

**Assesseringsmetodes:** Deurlopende assessering 50 %

Skriftelike eksamen 50 %

**Module code:** TOAF 672

**Semester 1 & 2**

**12 Credits**

**NQF-Level: 8**

**Title:** Sin, teks en konteks in die taalonderrigpraktyk

**Module outcomes:**

Na voltooiing van hierdie module behoort die student

- tekskwaliteit te kan beoordeel en te hersien deur die kundige gebruik van relevante taalgebruiksbronne en deur die toepassing van relevante teoretiese agtergrond oor teksredaksionele aspekte;
- bewys te kan lever van diepgaande kennis t.o.v. tekslinguistiese begripe soos kohesie, koherensie, intensionaliteit en aanvaarbaarheid, informatiwiteit, kontekstualiteit en intertekstualiteit en in staat te wees om hierdie kundigheid toe te pas om tekste te evaluer;
- in staat te wees om die basiese beginsels van die pragmatiek en dokumentontwerp te gebruik om verskeie soorte tekste te analiseer en te skep;
- oor die nodige ekspertise te beskik om relevante begripe en teorieë ten opsigte van teksredaksies, tekslinguistiek, pragmatiek en dokumentontwerp op geïntegreerde wyse in die taalonderrigpraktyk toe te pas om leerderskyfwerk te assesseer en te redigeer.

**Metode van aflewering:** Voltyds / Deeltyds

**Assesseringsmetodes:** Deurlopende assessering 50 %

Skriftelike eksamen 50 %

**Module code:** TOAF 673

**Semester 1 & 2**

**12 Credits**

**NQF-Level: 8**

**Title:** Kleuter-, kinder- en jeugliteratuur vir die onderwys

**Module outcomes:**

Na voltooiing van hierdie module behoort die student

- oor 'n omvattende en sistematiese kennisbasis asook 'n diepgaande kennis van geselekteerde kennisvelde in kleuter-, kinder- en jeugliteratuur te beskik, en ingelig is oor die relevansie van huidige ontwikkelinge in hierdie studieveld vir die taalonderwys;
- 'n ingeligte en kritiese begrip te hê van beginsels en teorieë ten opsigte van ontluukende kwessies en debatte in die veld van kleuter-, kinder- en jeugliteratuur en die relevansie daarvan vir taalonderwys;
- basiese navorsingsmetodes effektiel te kan toepas deur primêre literêre tekste krities te kan analiseer, interpreteer en evaluer, en te kan aandui hoe die navorsingsresultate in die konteks van taalonderwys gebruik kan word;
- 'n vermoë het om te identifiseer, te analiseer en probleempossend te werk met konkrete en abstrakte probleme in kleuter-, kinder- en jeugliteratuur en die plek daarvan in 'n polisistemiese konteks deur gebruik te maak van praktyk-/bewys-/kennis-gebaseerde oplossings en teorie-ondersteunde/terieggedrewe beredenering;
- oor die vermoë te beskik om verskillende bronne te kan ontsluit vir die saamstel van korter werkstukke en referate oor kinder- en jeugliteratuur en die onderwys daarvan, asook mondeling daaroor te kan kommunikeer deur gebruik te maak van toepaslike akademies-professionele diskourse/redevoering.

**Metode van aflewering:** Voltyds / Deeltyds

**Assesseringsmetodes:** Deurlopende assessering 50 %

Skriftelike eksamen 50 %

**Modulekode:** VGLO 622

**Semester 2**

**16 Krediete**

**NKR-vlak: 8**

**Titel:** Moderne Opvoedkundesisteme

**Module-uikomste:**

Na voltooiing van hierdie module, behoort studente te demonstreer dat hulle die volgende verwerf het:

- Die vermoë om spesifieke kenmerke en sosiale strukture met betrekking tot onderwys in die konteks van interne en eksterne determinante te beskryf, vergelyk en verklaar, met die doelstelling om die struktuur van nasionale en internasionale onderwysstelsels te begryp
- Die vermoë om die individualiteit en universaliteit van onderwysstelsels te kan analiseer, ten einde in die behoeftes van teikenbevolkings te voorsien, en om die noodsaak van die skep van 'n harmonieuze skoolomgewing te begryp
- Die vermoë om kennis, vaardighede en houdings toe te pas ten opsigte van die struktuur en organisasie van nasionale en internasionale onderwysstelsels, ten einde die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel te kan evaluer

<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds / Deeltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b> Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			
<b>Modulekode:</b> VGLO 623	<b>Semester 2</b>	<b>16 Krediete</b>	<b>NKR-vlak: 8</b>
<b>Titel:</b> Hedendaagse Onderrigkwesties: Vergelykende Perspektiewe			
<b>Module-uitkomste:</b>			
Na voltooiing van hierdie module behoort studente te demonstreer dat hulle die volgende verwerf het:			
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die vermoë om beleidsontwikkeling in ontwikkelende lande te begryp</li> <li>• Die vermoë om om oordele te vorm oor onderwysbeleidskwesties, en om die impak van onderwysbeleid op onderwysplanning te kan evalueer</li> <li>• Die vermoë om verskillende teorië oor onderwysplanning te begryp, sowel as die vermoë om die teorië toe te pas as onderwysbeplanners</li> <li>• Die vermoë om onderwysprobleme in ontwikkelende lande te kan identifiseer en te analiseer</li> <li>• Die vermoë om onderwyskwesties vanuit 'n vergelykende perspektief te kan analiseer</li> </ul>			
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds / Deeltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b> Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			

**OP.3****REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER EDUCATIONIS (MED)**

**Metodes van aflewing:**                   **Voltyds**  
   **Deeltyds**

Alle MEd-programme word geadministreer vanuit die Fakulteit Opvoedingswetenskap Navorsingsadministrasie (FERA) en moet 'n bydrae maak tot die navorsingsfokus van die Fakulteit.

Die bepalings vir die MEd-graad moet saamgelees word met die algemene akademiese reëls van die Universiteit wat beskikbaar is op die Internet by: [http://www.nwu.ac.za/gov\\_man/policy/7P-Academic\\_Rules\\_a.pdf](http://www.nwu.ac.za/gov_man/policy/7P-Academic_Rules_a.pdf).

**OP.3.1   DIE NAVORSING MED-GRAAD****OP.3.1.1   Aard en doel van die kwalifikasie****OP.3.1.1.1   Algemene doel**

Die doel met die MEd-graad is om toegewyde onderwysspesialiste akademies toe te rus en te vorm tot akademiese deskundigheid en uitmuntendheid om hulle roeping te vervul en in Suid-Afrika se behoefté aan hoëvlak opvoedkundige navorsers en besluitnemers te voorsien.

**OP.3.1.1.2   Spesifieke doel**

Die spesifieke doel van die kwalifikasie is:

- (i) die bevordering van opvoedkundige deskundigheid en ontwikkeling van studente met 'n gevorderde en in diepte kennis en ontwikkeling van 'n kritiese navorsingsbenadering in een van die rigtings of programme in OP.3.1.7 om hulle daardeur in staat te stel om op 'n verantwoordelike en sinvolle wyse by te dra tot die verbetering van die onderwys op plaaslike en nasionale vlak deur leidende dienslewering (op middel- en hoëvlak); en
- (ii) studente se navorsingsvermoë en vaardighede so te ontwikkel dat hulle navorsing kan doen wat uitloop in die skryf van 'n verhandeling of navorsingsartikel(s).

**OP.3.1.2   Toelatingsvereistes en Registrasie****OP.3.1.2.1   Algemene toelatingsvereistes**

- (i) 'n Student wat beoog om vir die MEd-graad in te skryf moet toestemming van die navorsingsdirekteur gemoeid met M&D studente aangeleenthede/skooldirekteur verkry om die studie te onderneem.
- (ii) 'n Student wat vir die eerste keer vir die MEd-graad regstreer, moet dit op die datum soos deur die Universiteit bepaal word, doen.
- (iii) 'n Student kan slegs regstreer indien 'n skriftelike toestemmingsbrief, onderteken deur die studieleier, aan die registrasiekantoor voorgelê word.
- (iv) Herregistrasie vir die daaropvolgende studiejare moet op die datum soos deur die Universiteit bepaal word, geskied. 'n Student wat nie

herregistreer op die datum soos deur die Universiteit bepaal is nie, moet opnuut by die Universiteit aansoek doen om toelating.

#### **OP.3.1.2.2 Spesifieke toelatingsvereistes**

- (i) Die student moet in besit wees van 'n BEdHons-graad in die rigting waarvoor hy/sy wil regstreer.
- (ii) Die student moet 'n minimum gemiddelde slaagsyfer van 65% in die BEdHons-graad, sowel as 'n gemiddeld van 65% vir die navorsingsmodules van die BEdHons-graad behaal het.
- (iii) Indien 'n student nie in besit van 'n BEdHons-graad in die toepaslike veld van Opvoedkunde is nie, maar in besit van 'n ander honneursgraad is, kan verdere voorwaardes vir toelating deur die Fakulteit gestel word.
- (iv) Studente moet 'n aanvaarbare vlak van vaardigheid ten opsigte van rekenaar- en akademiese geletterdheid demonstreer. Alle voornemende MEd-studente moet verpligte rekenaar- en akademiese geletterdheidstoetse ondergaan en hul toelating kan ook van hulle prestasie in hierdie toetse afhang.
- (v) Selfs al voldoen die voornemende student aan al die bestaande toelatingsvereistes, kan die aansoek steeds afgewys word (1) op grond van 'n tekort aan kapasiteit in die Fakulteit om toereikende studiebegeleiding te verleen, en (2) waar die voorgestelde navorsingsonderwerp nie binne die fokus van die bestaande navorsingsprogramme/projekte in die Fakulteit geakkommodeer kan word nie.

#### **OP.3.1.3 ERKENNING VAN VORIGE LEER**

Vorige leer soos erken deur die fakulteitsraad.

#### **OP.3.1.4 STUDIEPROGRAM**

- (i) 'n Student vir die MEd-graad moet 'n goedgekeurde program binne die fokus van die Fakulteit, in oorlegpleging met die betrokke navorsingsdirekteur volg. Bywoning van die goedgekeurde ondersteuningsprogram word sterk aanbeveel.
- (ii) 'n Student wat tot die MEd-program toegelaat is, moet binne ses (6) maande na registrasie, 'n navorsingsvoorstel vir goedkeuring aan die M&D Programkomitee voorlê. Die goedgekeurde akademiese prosesse en administratiewe sperdatums vir voorlegging, moet gevolg word.
- (iii) Indien 'n student in gebreke sou bly om die navorsingsvoorstel binne ses (6) maande na registrasie voor te lê, kan sy/haar studies getermineer word.

#### **OP.3.1.5 DUUR VAN DIE STUDIE**

Die minimum duur van die studie vir hierdie kwalifikasie is een (1) jaar en die verwerwing van 240 krediete en die maksimumtydsduur vir die voltooiing van die graad is drie (3) jaar.

### **OP.3.1.6 VERLENGING VAN STUDIETYDPERK**

- (i) 'n Student wat nie sy/haar studies binne die maksimum studietyd voltooi nie, moet aan die einde van die derde jaar van studie by die betrokke navorsingsdirekteur aansoek doen om 'n verlenging van die studietyd met een akademiese jaar, (A-Reël 4.4.10).
- (ii) Die studieleier moet 'n motivering vir die verlenging van die studietyd aan die betrokke navorsingsdirekteur van die Fakulteit verskaf.
- (iii) 'n Aansoek om die verlenging van die studietyd moet verskaf word in die vorm van 'n voorlegging wat die volgende aangedui:
  - (a) dat die navorsingsonderwerp steeds relevant is;
  - (b) watter vordering reeds gemaak is;
  - (c) wat nog gedoen moet word om die studie te voltooi; en
  - (d) of die studieleier steeds beskikbaar is (A-Reël 4.4.10.3.5).
- (iv) Indien die studietyd verleng word, sal dit toegestaan word teen 'n heffing wat van tyd tot tyd deur die Raad vasgestel word (A-Reël 4.4.10.4).

### **OP.3.1.7 LYS VAN PROGRAMME**

PROGRAM -KODE	KURRIKULU MKODE	BESKRYWENDE NAAM	MODULE KODE	KREDIETE
403 116	O815P	Kurrikulumontwikkeling	EDTM 871	240
403 121	O802P	Natuurwetenskaponderwys	NWOW 871	240
403 122	O803P	Onderwysbestuur	ONWB 871	240
403 123	O804P	Onderwysreg	ONWR 871	240
403 124	O805P	Opvoedkundige Sielkunde	OPSK 871	240
403 125	O806P	Vergelykende Opvoedkunde	VGLO 871	240
403 126	O807P	Wiskunde-onderwys	WISO 871	240
403 127	O808P	Leerderondersteuning	OPSL 871	240
403 129	O810P	Filosofie van die opvoeding	FOPV 871	240
403 130	O811P	Bewegingsonderwys	BWOS 871	240
403 131	O812P	Rekenaarwetenskaponderwys	RWON 871	240

### **OP.3.1.8 EKSAMINERING**

Ten einde 'n MEd-graad te verwerv, moet 'n verhandeling ingedien word vir eksaminering.

- OP.3.1.8.1 Benoeming van eksaminatore**
- (i) Die Fakulteit se M&D Eksamenskomitee benoem die eksaminatore.
  - (ii) Die benoeming van eksaminatore geskied ooreenkomsdig die A-Reël 4.4.3
  - (iii) Studente en hulle studieleiers moet die administratiewe beampte van die M&D Eksamenskomitee ten minste drie maande voor indiening van die verhandeling skriftelik in kennis stel van die voorneme om die verhandeling in te dien.
  - (iv) Geen eksaminator van 'n verhandeling mag op enige wyse by die studieleiding aan die student betrokke gewees het nie, of as 'n kritiese leser van die verhandeling gedien het nie.
- OP.3.1.8.2 Vereistes waaraan die verhandeling moet voldoen**
- (i) 'n Verhandeling moet bewys lewer dat die student die relevante navorsingsparadigma en -metodologieë bemeester het.
  - (ii) 'n Verhandeling moet ten opsigte van die tegniese vereistes voldoen aan die voorskrifte wat die Fakulteitsraad en die nuutste "Handleiding vir Nagraadse Studie" daarvoor stel.
- OP.3.1.8.3 Indiening van die verhandeling vir eksaminering**
- (i) 'n Verhandeling mag alleenlik met die toestemming van die studieleier(s) vir eksaminering ingedien word.
  - (ii) 'n Verhandeling wat vir eksaminering ingedien is, kan nie deur die student of studieleier(s) van eksaminering onttrek word nie.
- OP.3.1.8.4 Slaagvereistes**
- (i) 'n Verhandeling word geslaag indien die student 'n punt van ten minste 50% behaal het.
  - (ii) 'n Verhandeling word met onderskeiding geslaag indien die student 'n punt van ten minste 75% behaal het.
  - (iii) 'n Student wat 'n verhandeling druiп, mag slegs een keer aansoek doen om weer tot dieselfde MEd-graadstudie aan die Universiteit toegelaat te word, waarna 'n nuwe studie geregistreer moet word. Die betrokke navorsingsdirekteur van die Fakulteit moet eers in kennis gestel word voordat sodanige registrasie goedgekeur kan word.
- OP.3.1.9 TERMINERING VAN STUDIE**
- Die studies van 'n student mag opgeskort word indien hy/sy die maksimum duur van die studietyd oorskry of ingeval van onbevredigende prestasie (A-Reël 4.4.11). Vanaf registrasie sal die student se akademiese vordering voortdurend deur middel van halfjaarlikse verslae gemonitor word.

**OP.3.1.10      ARTIKULASIE**

Hierdie kwalifikasie gee toelating tot die PhD graad

**OP.4****REËLS VIR DIE GRAAD PHILOSOPHIAE DOCTOR (PHD)**

**Metodes van aflewing:** Voltyds  
Deeltyds

Die doktorsgraad kan verwerf word in een van die programme in reël OP.4.7 en kan voltyds of deeltyds geneem word.

Alle doktorsgraadprogramme word geadministreer vanuit die Fakulteit Opvoedingswetenskap Navorsingsadministrasie (FERA) en moet 'n bydrae maak tot die navorsingsfokus van die Fakulteit.

Die bepalings vir die doktorsgraad moet saamgelees word met die algemene akademiese reëls vir die Universiteit wat beskikbaar is op die Internet by:  
[http://www.nwu.ac.za/gov\\_man/policy/7P-Academic\\_Rules\\_a.pdf](http://www.nwu.ac.za/gov_man/policy/7P-Academic_Rules_a.pdf).

**OP.4.1****DIE DOEL VAN DIE DOKTORSGRAADPROGRAM**

Die doel van die doktorsgraadprogram is om te voorsien in Suid-Afrika se behoeftes aan toegewyde en hooggespesialiseerde onderwysnavorsers wat bemagtig is om oorspronklike onderwysnavorsing te doen, deur of die ontsluiting van nuwe kennis, of die beoefening van kritiese navorsingsparadigmas en 'n wetenskaplike bydrae te maak tot die kennis en verstaan van een van die ondergenoemde spesialiseringsterreine; en om op 'n verantwoordelike en sinvolle wyse by te dra tot die verbetering van onderwys op plaaslike, nasionale en internasionalevlak.

**OP.4.2****TOELATINGSVEREISTES****OP.4.2.1****Algemene toelatingsvereistes**

- (i) Toelating sal, onderworpe aan die goedkeuring van die Fakulteit en op aanbeveling van die navorsingsdirekteur gemoeid met M&D studente aangeleenthede, in konsultasie met die skooldirekteur waar van toepassing, geskied. Studente word aanbeveel om hulle beoogde navorsing en studiebegeleiding betyds voor toelating tot die doktorale program, te bespreek.
- (ii) 'n Student kan slegs registreer indien 'n skriftelike toestemmingsbrief, onderteken deur die promotor, aan die registrasiekantoor voorgelê word.
- (iii) 'n Student wat vir die eerste keer vir die doktorale graad registreer, moet dit op die datum soos deur die Universiteit bepaal word, doen.
- (iv) Herregistrasie vir die daaropvolgende studiejare moet op die datum soos deur die Universiteit bepaal word, geskied.
- (v) Indien 'n student sou nalaat om vir enige van die daaropvolgende studiejare op die datum soos deur die Universiteit bepaal is, te registreer, kan die Fakulteit die gekose onderwerp van die studie, indien dit reeds geregistreer is, aan 'n ander student toeken.

- (vi) 'n Student wat nalaat om op die datum soos deur die Universiteit bepaal is, te regstreer, moet by die registrator om hertoelating aansoek doen.

#### **OP.4.2.2 Spesifieke toelatingsvereistes**

- (i) Die student moet in besit wees van 'n meestersgraad (MEd) in die spesialisering waarvoor hy/sy vir die PhD wil regstreer.
- (ii) Indien 'n student nie oor 'n meestersgraad in die toepaslike veld van Opvoedkunde beskik nie, maar in besit van 'n ander meestersgraad is, kan verdere voorwaardes vir toelating deur die Fakulteit gestel word.
- (iii) Die student moet 'n slaagsyfer van 65% in die MEd-graad, behaal het.
- (iv) Studente moet 'n aanvaarbare vlak van vaardigheid ten opsigte van rekenaar- en akademiese geletterdheid demonstreer. Alle voornemende PhD-studente moet verpligte rekenaar- en akademiese geletterdheidstoetse ondergaan en hul toelating kan ook van hulle prestasie in hierdie toetse afhang.
- (v) Selfs al voldoen die voornemende student aan al die bostaande toelatingsvereistes, kan die aansoek steeds afgewys word (1) op grond van 'n tekort aan kapasiteit in die Fakulteit om toereikende studiebegeleiding te verleen, en (2) waar die voorgestelde navorsingsonderwerp nie binne die fokus van die bestaande navorsingsprogramme/projekte in die Fakulteit geakkommodeer kan word nie.

#### **OP.4.3 ERKENNING VAN VORIGE LEER**

Vorige leer soos erken deur die fakulteitsraad.

#### **OP.4.4 STUDIEPROGRAM**

- (i) 'n Student vir die PhD-graad moet 'n goedgekeurde program binne die fokus van die Fakulteit, in oorlegpleging met die betrokke navorsingsdirekteur, volg. Bywoning van die goedgekeurde ondersteuningsprogram word sterk aanbeveel.
- (ii) 'n Student wat tot die PhD-program toegelaat is, moet binne ses (6) maande na registrasie, 'n navorsingsvoorstel vir goedkeuring aan die M&D Programkomitee voorlê. Die goedgekeurde akademiese prosesse en administratiewe sperdatums vir voorlegging, moet gevolg word.
- (iii) Indien 'n student in gebreke sou bly om die navorsingsvoorstel binne ses (6) maande na registrasie voor te lê, kan sy/haar studies getermineer word (A-Reël 5.4.11).

#### **OP.4.5 DUUR VAN DIE STUDIE**

Die minimum duur van die studie vir hierdie kwalifikasie is twee (2) jaar en na verwerwing van die vereiste 360 krediete en die maksimum tydsduur vir die voltooiing van die doktorsgraad is vier (4) jaar.

## **OP.4.6 VERLENGING VAN STUDIETYDPERK**

- (i) 'n Student wat nie sy/haar studies binne die maksimum studietyd voltooi nie, moet aan die einde van die vierde studiejaar by die betrokke navorsingsdirekteur aansoek doen om 'n verlenging van die studietydperk met een bykomende akademiese jaar (A-Reël 5.4.10).
- (ii) Die promotor moet 'n motivering vir die verlenging van die studietyd aan die betrokke navorsingsdirekteur van die Fakulteit, voorsien.
- (iii) 'n Aansoek om die verlenging van die studietyd moet in die vorm van 'n voorlegging, die volgende toelig (A-Reël 5.4.10.3):
  - a) of die navorsingsonderwerp steeds relevant is;
  - b) watter vordering reeds gemaak is;
  - c) wat nog gedoen moet word om die studie af te handel;
  - d) of die promotor steeds beskikbaar is
- (iv) Indien die studietyd verleng word, sal dit toegestaan word teen 'n heffing wat van tyd tot tyd deur die Raad vasgestel word (A-Reël 5.4.10.4).

## **OP.4.7 LYS VAN PROGRAMME**

PROGRAM-KODE	KURRIKULUM-KODE	BESKRYWENDE NAAM	MODULE KODE	KREDIET E
404 111	O902P	Natuurwetenskaponderwys	NWOW 971	360
404 112	O903P	Onderwysbestuur	ONWB 971	360
404 113	O904P	Onderwysreg	ONWR 971	360
404 114	O905P	Opvoedkundige Sielkunde	OPSK 971	360
404 115	O906P	Vergelykende Opvoedkunde	VGLO 971	360
404 116	O907P	Wiskunde-onderwys	WISO 971	360
404 117	O908P	Leerderondersteuning	OPSL 971	360
404 119	O910P	Filosofie van die opvoeding	FOPV 971	360
404 120	O911P	Bewegingsonderwys	BWOS 971	360
404 121	O912P	Rekenaarwetenskaponderwys	RWON 971	360
404 130	O914P	Kurrikulumontwikkeling Innovasie en Evaluering	DCDM 971	360

## **OP.4.8 EKSAMINERING**

### **OP.4.8.1 Benoeming van eksaminatore**

- (i) Vir die eksaminering van 'n proefskrif moet ten minste drie eksaminatore, wat internasionale eksterne eksaminatore moet insluit, deur die M&D Eksamikenkomitee van die Fakulteit benoem word. Die eksterne eksaminatore

moet in die meerderheid wees. Geen eksaminator van 'n proefskrif mag op enige wyse by studieleiding aan die student betrokke gewees het, of as 'n kritiese leser van die proefskrif gedien het nie.

- (ii) Studente en hulle promotores moet die M&D Eksamenskomitee ten minste drie maande voor indiening van die proefskrif skriftelik in kennis stel van die voorneme om die proefskrif in te dien vir eksaminering.

#### **OP.4.8.2      Eksaminering**

- (i) Die eksamen vir 'n doktorsgraad bestaan minstens uit 'n proefskrif wat die resultate van die student se oorspronklike navorsing bevat.
- (ii) 'n Doktorale proefskrif moet vir eksaminering ingedien word.
- (iii) Vir die finale uitkoms van die eksaminering van die doktorsgraad is 'n mondelinge verdediging van die proefskrif 'n vereiste.

#### **OP.4.9      VEREISTES VIR DIE PROEFSKRIF**

- (i) 'n Proefskrif moet bydra tot wetenskaplike opvoedkundige navorsing, kenniskonstruksie en insig in die navorsingsdomein, en moet bewys lewer van oorspronklikheid, hetsy deur die vind van nuwe feite, of deur die beoefening van 'n onafhanklike kritiese navorsingsbenadering (A-Reël 5.4.4.1).
- (ii) 'n Proefskrif moet ten opsigte van die tegniese vereistes voldoen aan die voorskrifte wat die Fakulteitsraad en die nuutste Handleiding vir Nagraadse Studie daarvan stel (A-Reël 5.4.2.5).
- (iii) Indien 'n proefskrif in die vorm van ('n) gepubliseerde navorsingsartikel(s) of ('n) ongepubliseerde manuskrip(te) in artikel formaat aangebied word, en meer as een sodanige artikel of manuskrip(te) gebruik word, moet die proefskrif steeds as 'n eenheid, aangevul met 'n oorkoepelende probleemstelling, 'n gefokusde en geïntegreerde literatuuranalise en 'n samevattende slotbespreking aangebied word.
- (iv) Met die indiening van 'n proefskrif moet die kandidaat, met die instemming van die promotor, bewys lewer dat 'n navorsingsartikel aan n geakrediteerde tydskrif voorgelê is. Die bewys hiervan moet gelewer word voordat studente se eksamineringsverslae en resultate aan hul beskikbaar gestel word. Hierdie bewys moet by die M&D Administrasiekantoor van die Fakulteit ingedien word.

#### **OP.4.10     TERMINERING VAN STUDIE**

Die studies van 'n student kan beëindig word indien hy/sy die maksimum studietyd oorskry of in die geval van onbevredigende akademiese prestasie (A-Reël 5.4.11). Die akademiese prestasie van die student sal deurlopend vanaf registrasie deur middel van half-jaarlikse vorderingsverslae gemonitor word.

